



eduresourceza.com



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

MIND THE GAP

Graad 12

Spieëlbeelde

'n Kortverhaalbundel

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks

Saamgestel deur

Linda Bredenkamp

STUDIEGIDS

This content may not be sold or used for commercial purposes.

Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS) Grade 12 Afrikaans First Additional Language Mind the Gap study guide for the prescribed short stories in the anthology *Spieëlbeelde*, compiled by Linda Bredenkamp.

This publication has a Creative Commons Attribution Noncommercial Share alike Licence. You can use, modify, upload, download, and share content, but you must acknowledge the Department of Basic Education, the authors and contributors. If you make any changes to the content you must send the changes to the Department of Basic Education. This content may not be sold or used for commercial purposes. For more information about the terms of the license please see: <http://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/3.0/>.

ISBN: 978-1-4315-3826-3

Copyright © Department of Basic Education 2022
222 Struben Street, Pretoria, South Africa
Contact person: Ms C. Weston
Email: Weston.C@dbe.gov.za
Tel: (012) 357 4183
<https://www.education.gov.za>
Call Centre: 0800202933

Acknowledgments

All reasonable steps were taken to acknowledge the sources used in this study guide. In the event of any omission or error in the acknowledgments, kindly bring this to the attention of the Department of Basic Education.

The extracts from the Grade 12 prescribed short stories in this study guide are from *Spieëlbeelde, 'n Kortverhaalbundel* compiled by Linda Bredenkamp, Macmillan South Africa (Pty) Ltd, 2015.

Mind the Gap Team

Senior Project Leaders: Dr S. Malapile, Ms C. Weston

Production Co-ordinators: B. Monyaki, B. Ras, M. Phonela, M. Nematangari, C. Blignaut

Authors: S.M. Plaatjies, S.F. Smith

Critical readers: A.S. Halgryn, N. Ackerman, W. Boers, N. Vermeulen

Designer:

Onsite writers' workshop support:

J. Mphidi, V. Magelegeda, R. Maboye, N. Malope, K. Mothapo

Inhoudsopgawe

<i>Inhoudsopgawe.....</i>	<i>2</i>
<i>Voorwoord.....</i>	<i>6</i>
<i>Liewe Graad 12-leerder</i>	<i>7</i>
<i>Hoe om hierdie studiegids te gebruik.....</i>	<i>8</i>
<i>Nege beproefde studiewenke</i>	<i>9</i>
<i>Berei só voor op die dag van Vraestel 2.....</i>	<i>10</i>
<i>’n Oorsig van Afrikaans Eerste Addisionele Taal se letterkundevraestel.....</i>	<i>11</i>
<i>Kontekstuele vrae.....</i>	<i>13</i>
Wat is ’n kontekstuele vraag?.....	13
<i>Wat gaan die eksaminatore in Vraestel 2 van jou verwag?</i>	<i>14</i>
<i>Vraagwoorde in vraestelle.....</i>	<i>15</i>
<i>Literêre kenmerke en aspekte.....</i>	<i>17</i>
<i>Hoe om ’n kortverhaal te ontleed?</i>	<i>21</i>
Woordkeuse	21
Toon en stemming:	22
Beeldspraak en stylfigure	23
<i>Kortverhaal 1: Kringloop deur Ruto Vambo.....</i>	<i>25</i>
Agtergrond.....	25
1. Opsomming.....	25
2. Titel	27
3. Boodskap en tema.....	27
4. Hoe word die verhaal vertel.....	28
4.1 Ruimte en Tyd	28
4.2 Intrige en struktuur.....	28
4.3 Karakterisering	29
4.4 Verteller	29
4.5 Styl	29
4.6 Beeldspraak en Stylfigure (figuurlike taal)	30
4.7 Toon en stemming	30
Aktiwiteit 1	31
<i>Kortverhaal 2: Die Vlek deur Piet Nell</i>	<i>35</i>

Agtergrond.....	35
1. Opsomming.....	35
2. Titel	37
3. Boodskap en tema.....	38
4. Hoe word die verhaal vertel.....	38
4.1 Ruimte en Tyd	38
4.2 Intrige en struktuur.....	38
4.3 Karakterisering	39
4.4 Verteller	39
4.5 Styl	39
4.6 Beeldspraak en Stylfigure (figuurlike taal)	40
4.7 Toon en stemming	40
Aktiwiteit 2	40
<i>Kortverhaal 3: Die droom deur Pierré Olivier.....</i>	44
1. Opsomming.....	44
2. Titel	44
3. Boodskap en tema.....	45
4. Hoe word die verhaal vertel.....	45
4.1 Ruimte en Tyd	45
4.2 Intrige en struktuur.....	46
4.3 Karakterisering	47
4.4 Verteller	47
4.5 Styl	47
4.6 Beeldspraak en Stylfigure (figuurlike taal)	47
4.7 Toon en stemming	48
Aktiwiteit 3	48
<i>Kortverhaal 4: Geluk in ongeluk deur Thelton Masimila</i>	51
Agtergrond.....	51
1. Opsomming.....	51
2. Titel	53
3. Boodskap en tema.....	53
4. Hoe word die verhaal vertel.....	53
4.1 Ruimte en Tyd	53
4.2 Intrige en struktuur.....	53
4.3 Karakterisering	55
4.4 Verteller	55
4.5 Styl	55
4.6 Beeldspraak en Stylfigure (figuurlike taal)	56
4.7 Toon en stemming	56
Aktiwiteit 4	56
<i>Kortverhaal 5: Opdrag deur Rike Olivier.....</i>	60

1. Opsomming.....	60
2. Titel	61
3. Boodskap en tema	61
4. Hoe word die verhaal vertel.....	61
4.1 Ruimte en Tyd	61
4.2 Intrige en struktuur.....	62
4.3 Karakterisering	62
4.4 Verteller	63
4.5 Styl	63
4.6 Beeldspraak en stylfigure (figuurlike taal)	64
4.7 Toon en stemming	64
Aktiwiteit 5	65
<i>Kortverhaal 6: Kom ons stuur vir Tasu deur Maretha Maartens.....</i>	69
Agtergrond.....	69
1. Opsomming.....	69
2. Titel	69
3. Boodskap en tema	69
4. Hoe word die verhaal vertel.....	70
4.1 Ruimte en Tyd	70
4.2 Intrige en struktuur.....	71
4.3 Karakterisering	72
4.4 Verteller	73
4.5 Styl	73
4.6 Beeldspraak en stylfigure (figuurlike taal)	73
4.7 Toon en stemming	74
Aktiwiteit 6	74
<i>Kortverhaal 7: Two-step in die Moederstad deur Mioné du Toit</i>	79
Agtergrond.....	79
1. Opsomming.....	79
2. Titel	80
3. Boodskap en tema	80
4. Hoe word die verhaal vertel.....	80
4.1 Ruimte en tyd.....	80
4.2 Intrige en struktuur.....	81
4.3 Karakterisering	82
4.4 Verteller	83
4.5 Styl	84
4.6 Beeldspraak en stylfigure (figuurlike taal)	84
4.7 Toon en stemming	84
Aktiwiteit 7	84
<i>Kortverhaal 8: 'n Hulpelose Samaritaan deur T.T. Cloete.....</i>	88

Agtergrond	88
1. Opsomming.....	88
2. Titel	89
3. Boodskap en tema	89
4. Hoe word die verhaal vertel.....	90
4.1 Ruimte en Tyd	90
4.2 Intrige en struktuur	91
4.3 Karakterisering	92
4.4 Verteller	93
4.5 Styl	93
4.6 Beeldspraak en stylfigure (figuurlike taal)	94
4.7 Toon en stemming	94
Aktiwiteit 8	94
Bronnelys	99

Voorwoord

Following the release of Circular E8 of 2022, which ushered new poetry and short story titles for both Home and First Additional Languages commencing in November 2023, a team of experts comprising of teachers, examiners, moderators, subject advisors and subject coordinators was assembled to craft this Study Guide. The study guide seeks to support our teachers and learners in their preparations for the National Senior Certificate (NSC) qualification.

The Department of Basic Education (DBE) is pleased to release this new edition of the Second Chance Matric Project (SCMP)/Mind the Gap study guides for Grade 12 learners. These study guides continue the innovative and committed attempts by the DBE to improve the academic performance of Grade 12 candidates in the NSC and Senior Certificate (SC) examinations.

The SCMP/Mind the Gap study guides take their brief in part from the National Diagnostic reports on learner performance and draw on the Grade 12 Examination Guidelines. Each of the SCMP/MTG study guides defines key terminologies and offers simple explanations and examples of the types of questions learners can expect to be asked in an examination. Suggested answers to questions are included to assist learners to strengthen their understanding. Learners are also referred to specific questions from the past national examination papers and memoranda that are available on the DBE website: www.education.gov.za.

Furthermore, the study guides have been designed to assist those learners who want to improve their performance levels and aim to *mind the gap* between failing and passing, by bridging the gap in learners' understanding of commonly tested concepts, thus helping candidates not only to pass but to excel.

Research, which began in 2012, has shown that the Mind the Gap series has had a positive impact on grades. It is my fervent wish that these study guides continue our efforts to ensure that no learner is left behind, especially as we are still recovering from the learning losses due to the devastating effects of the outbreak of Covid-19.

I wish each and every one of you good luck with your Grade 12 examination preparations.

Liewe Graad 12-leerder

Hierdie hersieningsgids oor die voorgeskrewe kortverhale sal jou help om vir die Graad 12 Eerste Addisionele Taal se jaareindeksamen (Vraestel 2) voor te berei.

Die Eerste Addisionele Taal se jaareindeksamen vir Graad 12 bestaan uit drie vraestelle wat jy skriftelik moet aflê:

- Vraestel 1: Taal in konteks,
- Vraestel 2: Letterkunde, en
- Vraestel 3: Skryf.

Hierdie studiegids vorm deel van jou hersiening vir **Vraestel 2**.

Vraestel 2 is die letterkundevraestel waar jy vrae oor die **twee** verskillende genres van die letterkundeleerplan sal moet beantwoord: 'n roman/n drama/kortverhale/gedigte.

Hierdie studiegids fokus op die **agt voorgeskrewe kortverhale** wat in Vraestel 2 geëksamineer word.

Jy moet al 8 van die volgende voorgeskrewe kortverhale vir die eksamen ken:

1. **Kringloop** – Ruto Vambo
2. **Die vlek** – Piet Nell
3. **Die droom** – Pierré Olivier
4. **Geluk in ongeluk** – Thelton Masimila
5. **Opdrag** – Rike Olivier
6. **Kom ons stuur vir Tasu** – Maretha Maartens
7. **Two-step in die Moederstad** – Mioné du Toit
8. **'n Hulpelose Samaritaan** – T.T. Cloete

Uit: *Spieëlbeelde* 'n Kortverhaalbundel Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks, saamgestel deur Linda Bredenkamp, Macmillan South Africa (PTY) Ltd, 2015.

Hoe om hierdie studiegids te gebruik



Elke kortverhaal word in 'n aparte hoofstuk bespreek. Elke hoofstuk sluit die volgende inligting in:

- Die skrywer
- Agtergrond van die skrywer
- Opsomming
- Titel
- Boodskap en tema
- Hoe word die verhaal vertel?
- Ruimte en tyd
- Intrige en struktuur
- Karakterisering
- Verteller
- Styl
- Beeldspraak en stylfigure (Figuurlike taal)
- Toon en stemming
- Aktiwiteit

Bogenoemde inligting word slegs kortliks opgesom. Gebruik dus hierdie agt opsommings as hulpmiddel om jou te help om die agt kortverhale beter te verstaan.

Jy kan jou kennis toets deur die **aktiwiteite** by elke kortverhaal te voltooi.

Gebruik die **moontlike antwoorde** om jou eie antwoorde na te sien.

Die aktiwiteite is gebaseer op die verskillende soorte vrae wat jy in die vraestel kan kry.

Die simbole hieronder sal jou met jou voorbereiding help.

	Skenk baie aandag hieraan		Handige wenke wat jy kan gebruik
	Belangrike voorbeelde		Self-doen-aktiwiteit




Nege beproefde studiewenke

- Verdeel jou studierooster in studieperiodes wat jy maklik kan hanteer. Dit sal jou brein help om skerp en gefokus te bly. Neem kort rustye, terwyl jy studeer en moenie te lank aaneen konsentreer nie.
- Maak seker dat jy al jou leermateriaal gereed het voordat jy met jou studiesessie begin, bv. penne, glimpenne, genoeg water ens.
- Bly te alle tye positief. Dit help jou brein om inligting makliker te absorbeer en dit te onthou.
- 'n Mens se brein reageer goed wanneer jy met behulp van prentjies en kleure leer en hersiening doen. Probeer om dit gereeld te gebruik.
- Gereelde hersiening is die belangrikste sleutel tot jou sukses. Gaan die werk wat jy reeds geleer het gereeld oor totdat jy dit met gemak kan herroep.
- Probeer om die werk wat jy reeds geleer het aan iemand anders te verduidelik. Só kan jy kontroleer of jy die werk onder die knie het. Dit sal ook goed wees as jy jou notas hardop vir jouself of iemand anders kan voorlees.
- Probeer om ten minste 8 uur per nag goed te slaap, eet gesonde kos en drink genoeg water.
- Om vir 'n eksamen voor te berei, is soos om te oefen – jy moet liggaamlik en geestelik goed voorbereid wees.
- Beantwoord vorige jare se eksamenvraestelle. Ken die formaat en struktuur van die vraestel en die tipe vrae wat gevra word.

Berei só voor op die dag van Vraestel 2

- 1** Maak baie seker dat jy jou identiteitsdokument en toelatingsdokument waarop jou eksamennommer verskyn na die eksamenlokaal saambring.
- 2** Pak skryfgoed in wat jou nie in die steek sal laat nie: 'n paar blou penne met genoeg ink, potlode indien jy graag daarmee werk en 'n liniaal om jou werk mee netjies af te rond.
- 3** Sorg dat jy ten minste 'n uur voordat jou eksamen begin by die eksamenlokaal opdaag.
- 4** Besoek die toilet voordat jy die eksamenlokaal binnegaan; jy wil nie onnodig tyd mors deur tydens die eksamensessie kamer te verlaat nie.
- 5** Laat jouself tien minute toe om die vraestel deeglik deur te lees nadat dit uitgedeel is. Moenie vrae begin beantwoord voordat jy nie eers al die instruksies deeglik deurgelees het nie.
- 6** Maak seker dat jy die korrekte keuses uitoefen. Onthou: Jy moenie al die vrae beantwoord nie, die vraestel bied jou keuses. Merk daarom die vrae wat jy gaan beantwoord. Lees met aandag deur die instruksies by elke vraag.
- 7** Lees alle vrae deeglik sodat jy seker is wat die vraagopdrag van jou verwag. Skenk veral aandag aan die kernwoorde/kernbegrippe van elke vraag. (Op bladsy 17 sal jy 'n paar voorbeelde van hierdie vraagwoorde kry asook 'n wenk oor hoe om so 'n vraagwoord te interpreteer.)
- 8** Gebruik jou tyd sinvol. Let veral op na die voorgestelde tydsduur wat op die vraestel voorkom en probeer om daarby te hou.
- 9** Die punttoekenning by elke vraag is baie belangrik. Dit sal jou help om die korrekte hoeveelheid inligting by elke antwoord in te sluit.
- 10** Probeer om te alle tye kalm te bly, al lyk die vraag baie moeilik. As jy onseker oor 'n antwoord is, merk die vraag op die vraestel baie duidelik in kleur (bv. rooi) en laat genoeg oop spasie vir die vraag se antwoord op jou antwoordstel. Probeer dan om hierdie vraag/vrae later te beantwoord.
- 11** Bied jou werk te alle tye netjies aan. Skryf netjies en leesbaar sodat die nasiener nie sukkel om te lees wat jy geskryf het nie.



'n Oorsig van Afrikaans Eerste Addisionele Taal se letterkundevraestel

Die letterkundevraestel is 'n baie dik dokument en kan 'n mens nogal deurmekaar maak as jy nie vooraf kennis neem van hoe die vraestel uiteengesit is nie. Hieronder volg 'n uiteensetting waarna jy moet kyk wanneer jy vir **Vraestel 2** voorberei.

In die Vraestel 2-eksamen word daar van jou verwag om vrae uit TWEE afdelings te beantwoord.

- Afdeling A: Roman 35 punte
- Afdeling B: Drama 35 punte
- Afdeling C: Kortverhale 35 punte
- Afdeling D: Poësie 35 punte

Vraestel 2 se puntetotaal is dus 70 punte (35 + 35 punte).

Jy het 2½ uur om die vraestel te beantwoord.

Jy moet in totaal EEN vraag uit hierdie TWEE afdelings beantwoord:

- EEN vraag uit Afdeling A OF
- EEN vraag uit Afdeling B OF
- EEN vraag uit Afdeling C OF
- EEN vraag uit Afdeling D

ONTHOU!

- Jy moenie al die vrae in **Vraestel 2** beantwoord nie – lees die instruksies deeglik en let veral op die keuses wat jou gebied word.
- Let veral op die instruksies by die kontekstuele vrae.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Nummer jou vrae korrek soos op die vraestel.

AFDELING A: ROMAN

Voorgeskrewe romans: Beantwoord die roman wat jy behandel het.

Vraag 1	Kringe in 'n bos.	Kontekstueel	35
OF			
Vraag 2	Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom	Kontekstueel	35
OF			
Vraag 3	Meeulanders	Kontekstueel	35
OF			
Vraag 4	Lien se lankstaanskoene	Kontekstueel	35
SUBTOTAAL			35

AFDELING B: DRAMA

Voorgeskrewe drama: Beantwoord die drama wat jy bespreek het.

Vraag 5	Poppie – die drama	Kontekstueel	35
OF			
Vraag 6	Paljas	Kontekstueel	35
OF			
Vraag 7	Fiela se kind – die drama	Kontekstueel	35
SUBTOTAAL			35

AFDELING C: KORTVERHALE

Vraag 8	Kortverhale	Kontekstueel	35
SUBTOTAAL			35

AFDELING D: GEDIGTE

Vraag 9	Gedigte	Kontekstueel	35
SUBTOTAAL			35
GROOTTOTAAL			70

Kontekstuele vrae

- Jy moet die instruksies baie noukeurig lees.

Wat is 'n kontekstuele vraag?

Die kontekstuele vrae word gebaseer op die betrokke kortverhaal. Sommige van die vrae se antwoorde sal jy in die uittreksel kry, maar die ander vrae sal jou **begrip** van, en **insig** in die res van die kortverhaal assesseer. Kontekstuele vrae sal nie net jou **kennis van die inhoud** van die kortverhaal assesseer nie, maar ook jou **kennis van ander literêre begrippe** soos onder andere titel, tema en boodskap, ruimte en tyd ens. Van die vrae sal ook van jou verwag om jou **eie mening** oor sekere literêre aspekte te gee wat in die kortverhaal voorkom. Verwys na bladsye 17–20 vir meer inligting hieroor.

Na elke kortverhaal is 'n aktiwiteit ingesluit wat voorbeeldvrae bevat om jou 'n idee te gee wat jy te wagte kan wees.

Onthou! Die **puntetoekenning** by hierdie kortvrae kan 1 tot 3 punte tel. Die puntetotaal sal jou help om te besluit hoeveel inligting jy by jou antwoord moet insluit.

Wat gaan die eksaminatore in Vraestel 2 van jou verwag?



Deur middel van kontekstuele/kortvrae gaan die eksaminatore assesses tot watter mate:

- jy die **letterlike betekenis** van die kortverhaal verstaan. Vir hierdie doel sal daar van jou verwag word om inligting in die kortverhaal te identifiseer/deur te gee wat jy reeds geleer het. Jy moet hoofsaaklik antwoorde gee op die sogenaamde wie-/wat-/waar-/hoe- en waarom-vrae.
- jy die inligting kan **herorganiseer**. Daar mag byvoorbeeld van jou verwag word om hoofpunte op te som of verskille/ooreenkomste aan te dui.
- jy antwoorde kan aflei waarvan die inligting nie noodwendig in die kortverhaal voorkom nie. Jy moet by hierdie tipe vrae die inligting wat jy reeds tot jou beskikking het, gebruik om **afleidings** te maak. Antwoorde op hierdie tipe vrae mag byvoorbeeld aandui hoe die gebruik van beeldspraak/stylfigure jou begrip van die kortverhaal beïnvloed om temas te verduidelik of om byvoorbeeld boodskappe af te lei.
- jy sekere aspekte van die kortverhaal kan beoordeel deur jou eie mening oor byvoorbeeld die gepastheid van die beeldspraak te lug. Soms kan hierdie tipe vrae van jou verwag om te sê of jy met die opinie van 'n spreker/skrywer saamstem al dan nie.
- jy sekere aspekte van die kortverhaal in konteks kan **beoordeel** deur jou eie mening oor byvoorbeeld die gepastheid van beeldspraak te lug. Soms kan hierdie tipe vrae van jou verwag om dit te bewys uit die konteks van die teks. In hierdie geval moet jou bewys dus nie gebaseer wees op jou algemene kennis van die onderwerp nie.
- jy **waarderend** kan lees. Jy sal byvoorbeeld moet kan sê waarom jy met die skrywer/spreker se opinie en woordgebruik saamstem al dan nie.

Vraagwoorde in vraestelle

Hieronder volg voorbeelde van die verskillende tipe vrae wat jy in Vraestel 2 kan verwag.



Wenk: Let elke keer spesifiek op na die punttoekenning by elke vraag!

VRAAGTIPE	HOE JY HIERDIE VRAAG MOET BEANTWOORD
LETTERLIKE VRAE: Vrae oor inligting wat duidelik/opvallend in die teks/uittreksel voorkom.	
Benoem die beeldspraak/stylfigure...	Skryf slegs die spesifieke beeldspraak/stylfigure neer.
Verskaf/gee die redes vir...	Skryf slegs die inligting neer sonder om dit te bespreek of kommentaar daaroor te lewer.
Verskaf/gee TWEE redes waarom...	Skryf net twee redes as antwoorde neer.
Beskryf die skrywer/spreker se...	Dit is die skrywer se opinie.
HERORGANISERING: Vrae wat van jou verwag om inligting wat in die teks voorkom, op 'n ander manier te organiseer/aan te bied as wat dit in die teks staan.	
Groepeer die ooreenstemmende eienskappe van...	Skryf dieselfde eienskappe bymekaar/saam.
Gee 'n oorsig van...	Bespreek die spesifieke feite wat die vraag vereis.
Gee die verskille/ooreenkomste.	Bespreek die verskille deur beide kante te stel en dui by ooreenkomste aan wat dieselfde is.
AFLEIDING: Vrae wat van jou verwag om die teks te interpreteer met inligting tot jou beskikking wat nie eksplisiet in die kortverhaal voorkom nie.	
Wat wil die skrywer/spreker bereik deur...	Die skrywer/spreker wil die leser se aandag trek deur ...
Wat dink jy sal gebeur indien ...	Die leerder moet 'n moontlike afleiding maak wat die inhoud van die kortverhaal ondersteun.

EVALUERING: Vrae wat van jou verwag om 'n oordeel te vel wat gebaseer is op die kennis tot jou beskikking of op wat jy verstaan van die kortverhaal. Jy sal jou mening moet uitspreek oor waardes, houdings en sê waarom dit jou oortuig of nie.	
Bespreek jou standpunt in verband met.../Stem jy saam met.../Is die optrede/reaksie geloofwaardig/aanvaarbaar...?	Dink aan jou eie normes en waardes en kom tot 'n gevolgtrekking.
Stem jy saam met die siening van...? Gee 'n rede vir jou antwoord.	Begin hierdie antwoorde altyd eers met 'n JA/NEE. Jy MOET elke keer 'n rede vir jou antwoord gee om die punt te verdien. Onthou ook dat jou antwoorde op hierdie vrae elke keer na die spesifieke kortverhaal moet terugverwys. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie.
Dink jy die gebruik van ... ? Motiveer jou antwoord.	Begin hierdie antwoorde altyd eers met 'n JA/NEE. Jy MOET elke keer jou antwoord motiveer om die punt te verdien. Onthou ook dat jou antwoorde op hierdie vrae elke keer na die spesifieke kortverhaal moet terugverwys. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie.
WAARDERING: Vrae wat die emosionele uitwerking van 'n kortverhaal op jou as leser het.	
Het jy simpatie met...? Verduidelik jou antwoord. Het jy gehou van die manier waarop die skrywer/spreker...? Lewer kommentaar oor die... Waarom is die spreker geloofwaardig?	Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie, maar jy MOET elke keer 'n rede vir jou antwoord gee. Onthou ook dat jou antwoorde op hierdie vrae elke keer na die spesifieke teks moet terugverwys.

Literêre kenmerke en aspekte

Maak seker dat jy hierdie begrippe goed onder die knie het voordat jy Vraestel 2 gaan skryf.

TERM	DEFINISIE
Figuurlike betekenis	Woorde of frases wat figuurlik gebruik word om 'n sekere trefkrag/effek of konnotatiewe betekenis te hê, bv. idioome, vergelykings, personifikasie, ens.
Letterlike betekenis	Die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woord (woordeboekbetekenis)
Tema	Die tema is die sentrale idee of hoofgedagte. Wat het die skrywer laat besluit om hierdie kortverhaal te skryf?
Boodskap	Die boodskap is gewoonlik die lewensles wat 'n leser uit die kortverhaal aflei.
Beeldspraak	'n Taaluiting wat van figuurlike taal gebruik maak, bv. vergelykings, metafore, personifikasie.
Vergelyking	Om vas te stel op watter maniere iets eenders of verskillend is. Woorde soos: <i>soos</i> of <i>net soos</i> of <i>nes</i> dui gewoonlik op 'n vergelyking. <i>Hy huil soos 'n baba</i> .
Metafoor	Een saak word gelykgestel aan 'n ander saak sonder die gebruik van die woorde <i>soos</i> , <i>net soos</i> of <i>nes</i> . <i>My meisie se soene is kondensmelk</i> .
Personifikasie	Menslike eienskappe word aan lewelose dinge, diere of plante gegee. <i>Die wind huil om die hoeke van die huis</i> .
Stylfigure	Afwykings in woordgebruik om groter krag aan skryfwerk te verleen, byvoorbeeld: inversie, simbool, karikatuur, onomatopoeë/klanknabootsing, ironie, kontras, spot, satire, sarkasme, antiklimaks, klimaks, eufemisme, hiperbool, woordspeling, metonimia, onderbeklemtoning.
Inversie	Omgekeerde woordorde
Sarkasme	Om op 'n skerp, bytende manier met iemand te spot en seer te maak bv. <i>Hy het net soveel gesonde verstand soos 'n kreef</i> .
Satire	Om op spottende manier na die verkeerde dinge in die samelewing te verwys.
Karikatuur	'n Oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van 'n karakter deur die spot te dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur.

Antiklimaks	Wanneer iets wat belangrik is omswaai na iets nietig, gewoonlik met 'n komiese, betekenislose of omslagtige effek. <i>My seun, wees getrou aan jouself, jou ouers, jou naaste en – jou hond.</i>
Klimaks (ook hoogtepunt)	Die opwindendste, effektiëste of belangrikste deel van die kortverhaal se “storie”. Dit is nie noodwendig aan die einde van die kortverhaal nie.
Verwikkeling	Die verwikkeling is die opeenvolging van gebeure wat na die klimaks opbou.
Ontknoping	Die ontknoping bring die intrige tot 'n einde na die klimaks.
Afloop	Na die klimaks loop die verhaal ook vinnig af na die ontknoping.
Motoriese element	Dit is iets wat aan die begin van die verhaal gebeur en aanleiding gee tot die intrige.
Eksposisie	Kortverhale het 'n baie kort inleiding of eksposisie wat die agtergrond tot die verhaal verskaf.
Kontras/Antitese	Twee dinge met teenoorgestelde betekenisse/eienskappe staan teenoor mekaar. <i>Die lief en die leed van ons gesin gryp mense se verbeelding aan.</i> Twee uiterstes word teenoor mekaar gestel.
Eufemisme	Die woord of idee word versag om nie mense se gevoelens seer te maak nie, byvoorbeeld <i>lang vingers</i> <i>hê</i> ('n sagte manier om na iemand wat steel te verwys).
Hiperbool	Doelbewuste oordrywing; om iets groter voor te stel as wat dit werklik is. <i>Ek het die heel week nie 'n oog toegemaak nie, so bekommerd was ek.</i>
Humor	Lagwekkende, grappige uitdrukking.
Ironie	Woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel/verwag.
Metonimia/Oornoeming	Twee sake of begrippe wat met mekaar in verband staan, word in verband met mekaar gebring. <i>Die pen is magtiger as die swaard</i> (die skrywer het meer mag as die vegter).
Onderbeklemtoning	Die uitdruk van iets op 'n terughoudende wyse, eerder as om die volle feite of waarheid te ontbloot, gewoonlik vir beklemtoning.
Onomatopoeë/klanknabootsing	Die gebruik van woorde om klanke na te boots, bv. “... <i>brom</i> die motors, <i>skreeu</i> die bande om draaie en 'n veraf <i>skril</i> sirene.”
Sarkasme	Om op 'n skerp, bytende manier met iemand te spot en seer te maak. <i>Hy het net soveel gesonde verstand soos 'n kreef.</i>
Simbool	'n Voorwerp of beeld word gebruik om 'n groter idee of gedagte voor te stel wat 'n dieper betekenis het. (<i>'n Kruis = Christendom</i>).
Woordspeling	'n Woord of uitdrukking met meer as een betekenis word gebruik sodat al die betekenisse inpas.

Sinspeling	Vaag na iets verwys sonder om dit uitdruklik te noem. <i>Hy het 'n Midaservaring gehad</i> (hy het 'n baie goeie/positiewe ervaring gehad).
Oksimoron (verryking)	Twee teenoorgestelde begrippe hou direk verband met mekaar bv. <i>siende blind en horende doof</i> .
Paradoks (verryking)	'n Stelling wat 'n skynbare teenstrydigheid bevat. <i>Stilbly is 'n antwoord</i> .
Sinestesie (verryking)	Die prikkel wat bedoel is vir een sintuig word deur 'n ander sintuig waargeneem, bv. <i>silwer stemme</i> – die oë sien die silwer en die ore hoor die stemme.
Skrywersbedoeling	Verwys na die boodskap wat die skrywer met die verhaal wil beklemtoon en oordra.
Tipe kortverhaal	Verhale word volgens hul boodskap en aard geklassifiseer.
Retoriese middels	Middels soos pouses en herhaling wat deur 'n skrywer gebruik word om doeltreffend te oortuig.
Herhaling/repetisie	Dieselfde woorde of idee word oor en oor in dieselfde kortverhaal gebruik.
Diksie/Woordkeuse/Taalgebruik	Skrywers gebruik gepaste, beskrywende en stemmingsvolle woorde, frases en uitdrukkings in hulle tekste. Die woordkeuse pas by die tema van die kortverhaal. Diksie kan die houding van die spreker openbaar en kan met die toon in verband gebring word.
Toon	Die toon van 'n kortverhaal word geopenbaar deur die woordkeuse van die skrywer. Die skrywer kan deur slim woordgebruik 'n positiewe of negatiewe toon skep. Die toon kan vreugdevol, hartseer, speels, kwaad, ens. wees.
Stemming	Dit is die atmosfeer of emosie in geskrewe tekste, byvoorbeeld vergesog, melankolies, vreesaanjaend, misterieus, gefrustreerd, romanties, somber, sentimenteel, gelukkig, depressief of opwindend wees.
Emosionele response	Dit is die leser se reaksie op 'n kortverhaal.
Titel	Die opskrif van die kortverhaal
Beklemtoning	'n Woord wat belangrik is, word op baie verskillende maniere onder die leser se aandag gebring, bv. alleenplasing .
Ellips	Woorde wat weggelaat is, word hier met drie punte/stippels aangewys.
Geïmpliseerde taal	Wanneer iets nie direk gesê word nie, maar die leser sy eie afleiding(s) kan maak.

Intertekstualiteit (verryking)	Die kortverhaal verwys direk of indirek na 'n ander skryfstuk.
Progressie	Daar is ontwikkeling in die tyd of in die verloop van gebeure of in die verhouding van mense.
Retoriese vraag	'n Vraag waarop die antwoord òf nie verwag word nie òf deur die spreker self beantwoord word.
Sinsnede	'n Deel van 'n sin wat ook 'n werkwoord bevat.
Spreker	Die persoon wat altyd in die kortverhaal praat.
Wending	Die inhoud van die kortverhaal verander skielik.

Hoe om 'n kortverhaal te ontleed?

Die ontleding van kortverhale is 'n proses waarvolgens die figuurlike en strukturele boustene waaruit 'n kortverhaal bestaan, uiteengesit word.

Die ontleding van 'n kortverhaal vereis dat jy dieper kyk na die woordkeuses van die skrywer en die algehele gevolge van die keuses. 'n Volledige ontleding van al die dele wat gebruik word om 'n kortverhaal saam te stel, is nodig.

Skrywers het hul eie unieke style wat nie nageboots kan word nie. Gebaseer op hul denke of wat hul probeer om voor te hou, skep hulle hul verskeie kortverhale om verskillende idees of teorieë wat in hul gedagtes is, te ontdek. Om die ontleding van kortverhale te bemeester moet jy leer jy hoe om vrae te vra, hoe om die betekenis van eenvoudige dinge te ontdek en 'n figuurlike begrip te ontwikkel.

Om 'n figuurlike, dieper begrip te bemeester, is dit nodig om na die volgende aspekte van 'n kortverhaal te kyk:

- Woordkeuse
- Toon en stemming
- Beeldspraak

Woordkeuse

Kyk na die skrywer se woordkeuse in die kortverhaal. Die woorde laat die leser toe om insig te kry en begrip te ontwikkel vir dit wat die skrywer in die kortverhaal probeer *doen*.

Woorde laat die leser toe om te beoordeel hoe die skrywer voel oor die onderwerp en hoe hy/sy die leser wil laat voel. Die woorde laat die skrywer toe om beelde te skep en *in te kleur* wat hy/sy voel die leser moet waarneem. Hoe woorde aangewend word, is die belangrikste aspek in kortverhale.

Die volgende vrae kan as riglyne dien:

- Watter soort taal gebruik die skrywer (register)?
 - Is dit maklik verstaanbaar deur die gehoor?
 - Is die kortverhaal in 'n formele of gesprekswyse geskryf?
- In die kortverhaal word woorde soos eksposisie gebruik. Waarna verwys dit? Hoe help dit die leser om die kortverhaal te verstaan?
- Wat is die konnotasie wat aan die skrywer se woorde geheg kan word? Gebruik hy/sy *gelaai*de woorde wat positiewe of negatiewe gevoelens uitdruk/impliseer?
- Watter woorde word uitgelig of herhaal?
 - Hoekom doen die skrywer dit?
 - Watter uitwerking het dit op die leser?
 - Watter uitwerking het dit op die totale betekenis van die kortverhaal?

Voorbeeld:

Geluk in ongeluk

Gavin stap by die kamer met die geel deur in. Hy het 'n glas lemoensap en 'n brief in 'n bruin koevert by hom. Oorkant die deur is 'n groot venster met 'n wit gordyn waardeur die son sy oggendstrale dwing. Dit land op die bed waar Karla lê en "rus".

- Waarom word die woord "rus" in aanhalingstekens geplaas?
Karla "rus" nie, want sy is in 'n koma.
- Watter afwagting word geskep deur die bruin koevert wat Gavin in sy hand het?
Die gevoel word geskep dat daar belangrike inligting in die bruin koevert is.

Kringloop

Die lede van die afvaardiging doen bestralingsiekte op en beswyk een na die ander, maar nie voordat hulle bewys dat daar 'n aanval van die oerplaneet Aarde op hul geliefde vaderland was nie.

'n Aanval uit so 'n sonderlinge oord. Marsbewoners diep legendes op oor 'n sending na Aarde wat nooit teruggekeer het nie. Nog voor die Ondergang. Is dit moontlik? Kon dit dalk hul eie afstammeling wees? Hoekom?

- Is die taalgebruik in die kortverhaal duidelik verstaanbaar aan alle lesers?
Ja, die moeilike woorde wat oor wetenskapfiksie handel word in die kantnotas van die kortverhaal aangespreek.
- Wat bereik die skrywer deur woorde soos "kernfisikus", "oerplaneet", "fungi" te gebruik?
Dit skep die stemming dat die verhaal oor wetenskap handel.

Toon en stemming:

Toon in kortverhale het twee betekenisse. Die term *toon* impliseer:

- Hoe die skrywer oor die kortverhaal voel en watter boodskap hy/sy wil oordra.
- Hoe die skrywer die *leser* wil laat voel oor die boodskap van sy/haar kortverhaal.

In baie gevalle is die aspekte dieselfde, maar moenie verbaas wees as dit verskil nie. Alhoewel die skrywer ook kan probeer om die lesers se standpunt/insig te rig of te verander deur gevoelstaal en beeldspraak, is dit nie altyd die geval nie. Jy mag verskil as jy jou standpunt probeer regverdig uit die teks.

'n Belangrike ding om te onthou, is dat toon 'n gevoelsreaksie is. Om slegs aan te dui dat toon 'n gevoel/emosie is, is nie 'n voldoende antwoord nie. Die gevoel/emosie moet geïdentifiseer word en geregverdig word uit die teks.

Hoe kan jy dit doen?

- As jy die kortverhaal lees, kyk na woorde wat gevoelens uitdruk.
- Die toon kan ook verander gedurende die verloop van die kortverhaal. Daarom is dit belangrik dat die tipe kortverhaal geïdentifiseer word.

Stemming: Dit is die atmosfeer wat 'n skrywer in 'n verhaal probeer skep.

Voorbeeld:

Die vlek

Remme krys en metaal skuur teen metaal. Henry laat val amper Aiku se leiband toe iemand hom byna onderstebo loop.

Wat gaan aan, wonder hy en toe is hy in 'n wonderwêreld van lig en kleur.

- Watter stemming word geskep deur die gebruik van die onderstreepte frases? Die stemming verwys na 'n moontlike ongeluk en die atmosfeer van afwagting word geskep dat iets gaan gebeur.
- Watter boodskap word oorgedra met die bogenoemde aanhaling? Henry is verstom dat hy nadat hy remme hoor skuur het, skielik 'n wonderwêreld van kleur beleef. In die verhaal word daar sterk sensoriese beskrywings gegee.

Beeldspraak en stylfigure

Dit is die beelde wat deur die skrywer in die kortverhaal geskep word d.m.v. taal. Die meeste skrywers doen dit deur:

- Die toneel/beelde konkreet/letterlik te beskryf (die feite aan te bied wat beskryf word).
- Figuurlike taal, bv. vergelykings, metafore, personifikasie, te gebruik.
- Beide die letterlike en figuurlike taal te gebruik.

Hoe doen jy dit?

- Identifiseer eerstens die vergelykings, metafore, personifikasie en stylfigure.
 - Ontleed dit dan:
 - Wat word met mekaar vergelyk en hoe help dit die leser om alle aspekte van die kortverhaal te begryp?
 - Is die beeldspraak en stylfigure positief of negatief aangebied?
 - Hoe affekteer dit my siening van die inhoud, boodskap of tema van die kortverhaal?
- Identifiseer die letterlike beskrywings.
 - Wat word beskryf?
 - Word dit in 'n positiewe of negatiewe lig beskryf?
 - Hoe affekteer dit my siening van die inhoud, boodskap of tema van die kortverhaal?

Voorbeeld:

Die droom

Hy ril skielik en trek die kombers wat die waardin oor hom gegooi het, stywer om sy lyf. Dan ontspan hy, natuurlik het hy net gedroom. Hoe sou die meisietjie nou ooit kon gedroom het van sy pa Jaap se broer Theunis en sy nooientjie Marrie wat verongeluk het in hul vriende se kar toe die brug weggespoel het?

- Wat word in hierdie aanhaling beskryf?
- Die ooreenkomste tussen die meisie se droom en die oom se ware lewensverhaal nl. die afsterwe van sy broer Theunis en sy meisie Marrie.
- Het die slot van die verhaal jou verras?
- Ja, daar was 'n verrassingselement in die kortverhaal omdat die droom ooreenstem met Oom Jaap se broer en sy meisie Marrie se dood.

Kortverhaal 1: *Kringloop* deur Ruto Vambo

Agtergrond

Die skrywer, wat 'n luitenant in die weermag was, skryf onder die skuilnaam Ruto Vambo. Hy gebruik die naam, want dit dui vir hom aan dat Afrika vir hom onbeskryflik is. Ruto verwys na die vierkantswortel van 2 (wat oneindig is), terwyl Vambo na die Ovambo-stam in Namibië verwys. Hy was altyd gefasineerd deur wetenskapfiksie en het later aan die Universiteit van die Vrystaat (voorheen Oranje-Vrystaat) gestudeer.

1. Opsomming

Daar is slegs een, Gideon de la Mer, wat by die naam genoem word. Gideon de la Mer is 'n uitnemende kernfiskus met moeë, waterige oë en hy dra 'n bril met 'n dik lens. Hy word 'n huishoudelike naam en word met die bekende name soos Miesies Bôls en Dali Tambo vergelyk.

Die storie begin deur die bekendstelling van Gideon de la Mer as 'n boekwurm wat altyd voel dat hy nie inpas nie – totdat hy die mense se lus vir avontuur en opwinding aangryp. Hy is 'n uitnemende kernfisikus soos Einstein en Hawking, met 'n sterk visie en goeie tydsberekening.

'n Verbod is op alle kernontploffings geplaas na die laaste kernaanval op Hiroshima en Nagasaki (Japan) in 1945. Alle lande is verbied om ooit weer sulke dinge te doen. Gideon de la Mer kom toe met sy skitterplan vorendag: kerntoetse in die ruimte.

Die kerntoetse sal die vorm van aangrypende vuurwerke op Mars aanneem – Mars, die rooi planeet vernoem na die Romeinse oorlogsgod. Dis vir Gideon 'n beter opsie as om dit op die Maan te doen, want dan sal Aarde nie aan radioaktiewe uitstraling, wat in die langtermyn rampspoedige gevolge vir die mense op Aarde sou inhou,



[<https://www.shutterstock.com/image->

blootgestel word nie. Verder sal Mars ideaal wees vir die ontploffing weens sy laer swaartekrag, wat dit baie meer skouspelagtig sal maak.

illustration/mars-planet-3d-render-illustration-high-1926138617]

Gideon de la Mer beantwoord vrae op gespreksprogramme, maar gee onverstaanbare, kriptiese (verskuilde betekenis) antwoorde. Almal is beïndruk, die wetenskaplikes is baie gelukkig met die aandag wat hul beroep ontvang en selfs studente toon nou belangstelling in kernfisika.

Op 'n helder, skoon **AAND** lanseer hy die kernmissiel perfek. Dit veroorsaak 'n kleurskouspel, met vlamme so hoog soos die Chrysler-gebou (die hoogste steengebou in die wêreld in New York City) en ook die sampioenwolk, wat nooit tevore gesien is nie.



Lansering van kapsule



sampioenwolk

Die ontploffing veroorsaak egter pandemonium (verwarring) diep in die hart van die rooi planeet, Mars, want lank, lank gelede, het lewe op Mars se oppervlakte onbestaanbaar geraak toe die son begin afkoel het. Dit het al hoe kouer op Mars geword en oorlewing was in die weegskaal.

Kos het skaars geword en mense het geveg daarvoor, terwyl alles wat deur die eeue opgebou was, stelselmatig vernietig is. Die plek is deur bendes beheer en totale anargie het geheers. Om te oorleef, het baie wat dit kon bekostig letterlik ondergronds gegaan. Hulle het ondergrondse water- en energiebronne ontwikkel wat ook nuwe boerderymetodes ingesluit het. 'n Nuwe ondergrondse samelewing het sy bestaan gemaak. Die ondergrondse bestaan het bitter min in gemeen gehad met die luukse sonskyn en oorvloedige water wat hulle eers geken het. As gevolg van die agteruitgang en verval het Mars die Donker Eeue ingegaan.



Mars se oppervlakte

'n Nuwe kultuur groei geleidelik. Die wetenskaplikes onder die Marskors beplan eindeloos.

Hulle stuur 'n ekspedisie na die oppervlak om vas te stel watter nuwe bedreiging daar is. Nadat hulle bewys dat daar wel 'n aanval van die oerplaneet Aarde op hul geliefde vaderland was, doen die ekspedisielede bestralingsiekte op en sterf een na die ander.

Die Marsbewoners wonder of die aanval nie dalk die werk was van hul eie afstammeling wat volgens legende nooit teruggekeer het van 'n sending na Aarde toe nie. Vrae soos "Is dit moontlik? Hoekom?" ontstaan by hulle.

Na die vorige aanval het die Marsbewoners opgehou om na buite te kyk. Vir hulle was die ruimte 'n bedreiging. Hulle het al hul energie aan ontginning van die binneholte in hul planeet gewy.

Na lang wetenskaplike navorsing stel die wetenskaplikes vas dat daar wel lewe op Aarde is. Volgens die Marsbewoners is dit primitiewe lewensvorme wat bestaan uit metaalagtige monsters (masjiene op Aarde), kreature wat op die oppervlakte kruip, deur die lug vlieg en op die water dryf, met klein organiese materiaal binne-in.

Hulle het baie vrae en min antwoorde, maar al waarvan hulle van seker is, is dat daar lewe op Aarde is en dat dit vyandig is. Dit moet vernietig word ter wille van hul eie voortbestaan. Die wesens van Mars gebruik die kennis wat hulle opgedoen het om 'n middel te vervaardig wat metaal in 'n oogwink tot as laat verkrummel. Hulle is gereed om Aarde aan te val.

Op Aarde merk die astronome 'n komeet (stertster) wat in die ruimte ontplof. Gideon de la Mer word opgespoor om kommentaar hieroor te lewer, maar hy sien die gelerige verskynsel as alledaags en 'n kleinigheid.



Aarde

Toe sak die stortreën uit en vernietig alles op Aarde wat uit metaal bestaan. Hongersnood en pessiekte breek uit en selfs duisternis sak op die aarde toe. Myngange en kelders diep onder die grond word wegkruipplekke vir die mense, terwyl ander doelloos vlug.

Die Aarde se beskawing sak weer eens weg in die Donker Eeue, terwyl die wesens op Mars juig oor hul swak, maklik breekbare beskawing wat net-net gered is van nog aanvalle uit die bose oord (Aarde).

2. Titel

Die titel Kringloop verwys na gebeure wat homself in dieselfde orde herhaal. Die gebeure wat lei tot die aanval van Mars op Aarde is die omgekeerde gebeure van wat met Mars gebeur het. Kringloop suggereer dan dat die siklus van gebeure voltooi gaan word.

3. Boodskap en tema

Die mens se **drang na nuwe uitvindings of kennisuitbreiding en oorheersing kan tot vernietiging** lei.

Die **vernietiging** van toekomstige Aarde wanneer ondergrondse bewoners van Mars dink hulle word deur Aarde aangeval.

'n Sub-tema is die agterdog en wantroue wat die samelewing het teenoor andere en hoe dit tot **geweld** en verdere **verwoesting** binne die samelewings kan lei.

4. Hoe word die verhaal vertel

4.1 Ruimte en Tyd

Die storie begin waar die leser bekendgestel word aan Gideon de la Mer, 'n uitnemende kernfisikus op Aarde, wat met sy skitterplan vorendag kom om kerntoetse op Mars, die rooi planeet, te doen. Die storie speel af op twee vlakke:

- (a) Aarde in die toekoms – Gideon beplan om kerntoetse op Mars te gaan doen omdat dit op Aarde verbied is ná die laaste kernoorlog.
- (b) Ondergrondse beskawing op Mars tydens die “Donker Eeue” – hulle berei voor om Aarde aan te val nadat hulle weer “aangeval” is.

4.2 Intrige en struktuur

Die verhaal bestaan uit 'n struktuur wat twee dele het, met gebeure op Aarde en Mars wat teenoor mekaar gestel word soos die verhaal ontwikkel.

(a) Die verhaal begin op Aarde:	
(i) Eksposisie/verwikkeling:	Aan die begin van die verhaal word die agtergrond tot die omstandighede op Aarde ná die laaste kernoorlog duidelik. Gideon de la Mer se “visie” om kernwapens op Mars te toets word aan die leser bekendgestel.
(ii) Motoriese moment:	Die “AAND” waarop die kernwapens op Mars ontplof, ontketen die gebeure wat aanleiding gee tot die teenaanval van Mars op Aarde.
(b) Die verhaal verskuif na Mars:	
(i) Eksposisie/verwikkeling:	Hier word die agtergrond gegee van hoe die Marsbewoners hulle tot die ondergrondse samelewing op Mars gewend het.
(ii) Motoriese moment:	Toe Aarde se kerntoetse op die oppervlakte van Mars ontplof, breek “Pandemonium diep in die hart van die rooi planeet” uit. (Na die ontploffing het die Marsbewoners oorgegaan tot aksie om hulle voortbestaan te verseker deur tegnologie te ontwikkel om Aarde aan te val.)

(iii) Konflik:	
<i>Uiterlike Konflik:</i>	Die ondergrondse bewoners van Mars glo hulle word aangeval deur “metaalagtige monsters” van die aarde af en ontwerp ’n nuwe wapen om Aarde aan te val.
<i>Innerlike Konflik:</i>	Gideon de la Mer worstel met die besluit waar hy die vuurwerke moet lanseer.
(iv) Klimaks:	Mars val Aarde aan met tegnologie wat metaal vernietig en chaos op Aarde veroorsaak.
(v) Afloop en ontknoping:	Na die aanval van Mars verval Aarde in die Donker Eeue, soortgelyk aan wat vroeër ook op Mars gebeur het. Die val van Aarde laat die wesens van Mars juig vir hul oorwinning oor die metaalmonsters.

4.3 Karakterisering

Net een individuele karakter word by die naam genoem, Gideon de la Mer. Hy word beskryf as “die wêreld se beroemdste kernfisikus”, wat simbolies is van die mens se vernietigingsdrang. Gideon de la Mer se plan om kerntoetse op Mars te doen, het verrykende gevolge vir Aarde.

Die twee samelewings wat teenoor mekaar gestel word, tree as’t ware as die hoofkarakters op: die kreature op Aarde met hul metaalmonsters en die ondergrondse bewoners van Mars.

Die kreature op Aarde doen toetse op Mars om hul Aarde te beskerm teen radioaktiewe bestraling, maar in die proses vernietig dit Mars, wat reeds vroeër jare aanvalle deurgemaak het wat die samelewing op Mars vernietig het.

Die ondergrondse bewoners van Mars moet hulle samelewing teen nog ’n aanval beskerm nadat alles vernietig is. Hulle leef ondergronds nadat hulle hulpbronne alles vernietig is en hulle tegnologie ontwikkel om hulle voortbestaan te verseker.

4.4 Verteller

Die verteller is ’n **derdepersoonverteller**, ’n alwetende verteller wat die konflik waarneem tussen die twee wêreldes nl. Aarde en Mars. Die verteller verwys na die karakters in die verhaal as “hy”, “sy” en “hulle”. Hierdie derdepersoonsoogpunt help die leser om die storie vanuit ’n wyer perspektief te sien as slegs uit een karakter se oogpunt.

Die verhaal vertel hoe die mens se drang na nuwe uitvindings of kennisuitbreiding en oorheersing tot vernietiging kan lei.

4.5 Styl

Die skrywer van die kortverhaal gebruik kort sinne wat die dramatiese effek versterk met die opbou van die konflik tussen twee samelewings.

Die gebruik van futuristiese woordeskat soos “kriptiese antwoorde”, “bestralingssiekte” en “gemuteer”, asook die visuele uitbeelding van die konflik dra by tot die ontwikkeling van die konflik.

Die **gelykstelling** asook die **teenstelling** van Aarde en Mars laat die leser nadink, byvoorbeeld:

- **Gelykstelling** – konflik dryf albei samelewings amper tot uitwissing; die verwysing na die “Donker Eeue” vir beide planete.
- **Teenstelling** – Mars is meer tegnologies gevorderd as Aarde; Aardbeskawing leef bogronds, maar Marsbeskawing moes ondergronds begin lewe ná die eerste ontploffing.

Daar word Bybelse en geskiedkundige verwysings gebruik wat bydra tot die dramatiese spanning in die verhaal, bv. “duisternis sak toe oor die aarde”, Reënboogrepubliek, Irak en Donker Eeue.

4.6 Beeldspraak en Stylfigure (figuurlike taal)

Die woorde wat die skrywer gebruik en die manier waarop dit gebruik word, help ook om betekenis in die verhaal oor te dra. Die skrywer gebruik woorde soos “kernoorlog” en “kernontploffing” wat geassosieer word met die oorlogkonfliksituasie tussen Aarde en Mars. Die terminologie soos “uitstraling”, “kerntoetse”, “swaartekrag” en “lanseer” wat gepaard gaan met kernfisika, gee die leser die idee van die vernietigingsmoontlikhede van ’n kernoorlog.

Die gebruik van oorlogkonflikterme skep ’n atmosfeer van verhoogde spanning met die gedurige wete van ’n moontlike kernoorlog wat ons alledaagse samelewing bedreig.

Die woorde soos “oerplaneet” gee vir die leser die idee dat daar ander lewensbestaan is met meer gevorderde tegnologie as planeet Aarde.

Uitdrukkings soos “Hongesnood en pes ...” wat aan die einde van die kortverhaal genoem word, onderskraag die onomkeerbare gevolge van so ’n kernoorlog. Die skrywer beskryf die oorwinning van Mars oor Aarde as “naelskraap” wat die idee by die leser skep dat dit byna hulle ondergang beteken het as hulle nie tot aanval oorgegaan het nie.

Die verhaal sluit af op ’n anti-klimaks waar dit aan die leser oorgelaat word om die dink wat met die samelewing op Aarde gebeur het, asook die voortbestaan van lewe op Mars.

4.7 Toon en stemming

Dit is ’n verhaal wat **satiries** afskop met die spottende beskrywing van Gideon de la Mer en sy verbeeldingryke bestaan waarin hy hom as uitnemende kernfisikus voorneem om op Mars sy skitterplan (kerntoetse/vuurwerke) uit te voer om miljoene mense op Aarde te vermaak. Dit wek/veroorsaak dramatiese **spanning** by die leser met die ondergrondse Marsbewoners wat dink hulle word aangeval en dan ’n teenaanval op die “metaalagtige monsters” op Aarde loods.

Regdeur die kortverhaal veroorsaak die gevoel van agterdog en vyandskap van Mars teenoor Aarde ook 'n gevoel van spannende **afwagting** by die leser dat iets gaan gebeur.

Die verhaal word satiries (humoristies) vertel om op 'n interessante wyse kommentaar te lewer oor hoe geweld binne die samelewings tot verdere geweld kan lei. Die kombinasie van wetenskapfiksie plaas die leser in 'n toekomstige milieu en beeld die mensdom se geweldsdrange wat ons ondergang kan beteken, uit:

- “Maar ook prakties, want volgens sy berekeninge kon die ontploffing nie op die maan plaasvind nie, want binne 24 dae daarna, sal die aarde deur die stert van die maan beweeg en blootgestel word aan radioaktiewe **uitstraling** wat deur die hele atmosfeer sou sprei.”

Aktiwiteit 1

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Gideon de la Mer is die geur van die maand. Uit elke koerant wat jy oopslaan, glimlag sy haastande jou toe en staar sy leepogies agter die bottelboomlense jou bysiende aan. Dit sou nie verregaande wees om te beweer dat Gideon de la Mer 'n huishoudelike naam geword het nie, soos Miesies Bôls of Dali Tambo eens op 'n tyd.	5
Hulle sê daar's 'n tyd vir alles. Die verpotte klein boekwurm van 'n Gideon de la Mer het homself misplaas gevoel totdat sy tyd en plek aangebreek en hy die avontuurlus van die massas aangegryp het. Kyk, niemand kan betwyfel dat hy 'n uitnemende kernfisikus is nie, maar so is tienduisend ander. Daar is maar een Eistein, een Hawkins in 'n leeftyd miskien. Nee, Gideon se krag lê in sy visie en die feit dat hy die regte man op die regte plek en tyd is.	10
Na die laaste kernoorlog is die finale verdrag onderteken wat 'n verbod op ALLE kernontploffings geplaas het. Geen land, nie eers die Reënboogrepubliek of Irak sou weer sulke dinge kon doen nie, en allermens die liewe patria, Frankryk, wat gedurig onwettige proewe op eense eilande bly waag het nie. Politieke sanksies en die impak van verkiesings in hul eie lande dwing selfs die moedwilligste onder moedswillige regerings om twee keer te dink. En toe, die man van ...	20

1.1 Waarom noem die skrywer Gideon de la Mer die geur van die maand? (1)

1.2 “... leepogies en bottelboomlense ...” (Reël 3)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

- 1.2.1 Die leepogies verwys na (klein ogies/groot ogies) met ooglede wat daaroor hang. (1)
- 1.2.2 Bottelboomlense verwys na brillense wat (dun/dik) is soos die onderste deel van 'n glaskoeldrankbottel. (1)
- 1.3 Gee DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit die teks wat vir ons sê dat Gideon goed is in wat hy doen. (1)
- 1.4 Wat was Gideon se skitterplan? (1)
- 1.5 Dink jy dit was enigsins nodig vir Gideon se skitterplan? Motiveer jou antwoord deur 'n sin uit die teks aan te haal. (1)
- 1.6 Verduidelik wat Gideon se rede was waarom sy skitterplan nie op die maan moes plaasvind nie. (1)
- 1.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.7) neer.
- Met sy skitterplan was dit volgens Gideon 'n manier om mense op Aarde te ...
- A ontstel.
B vermaak.
C skok.
D ooreis. (1)
- 1.8 Die vrae wat aan Gideon gestel word voor die lansering was onbegryplik en dit het die wetenskaplikes woedend gemaak.
- 1.8.1 Haal 'n sin uit die uittreksel aan om aan te dui dat hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 1.8.2 Watter EEN woord sê dat Gideon se woorde onbegryplik was? (1)
- 1.9 Wat is die letterlike (denotatiewe) betekenis van die titel "Kringloop"? (1)
- 1.10 Hoe word die spanning in die kortverhaal geskep? (1)
- 1.11 Som die gebeure op wat na die laaste kernoorlog plaasgevind het. (2)
- 1.12 Waarmee word "Guy Fawkes-aand" geassosieer? (1)
- 1.13 Waarom het die Marsbewoners onder die grond gelewe? (1)
- 1.14 As jy 'n kernfisikus is, sou jy ten gunste van kerntoetse wees? (1)
- TOTAAL:** [17]

Moontlike Antwoorde vir Aktiwiteit 1

1.1	"geur van die maand " verwys na iets wat net so gewild is.		(1)
1.2	1.2.1 klein ogies		(1)
	1.2.2 dik		(1)
1.3	"n uitmuntende kernfisikus"		(1)
1.4	(Gideon se skitterplan was) om kerntoetse in die ruimte, spesifiek op Mars, te doen.		(1)
1.5	Nee. "Na die laaste kernoorlog is die finale verdrag onderteken wat 'n verbod op alle kernontploffings geplaas het."		(1)
1.6	(Die ontploffing kon nie op die maan plaasvind nie,) want 24 dae daarna sal die aarde blootgestel word aan radioaktiewe uitstraling wat deur die hele atmosfeer ellende inhou.		(1)
1.7	• B • vermaak • B: vermaak (Enige EEN)		(1)
1.8	1.8.1	"Wetenskaplikes is oorstelp deur die aandag wat hy op hul beroep vestig."	(1)
	1.8.2	Kripties	(1)
1.9	Kringloop suggereer dat die siklus van gebeure voltooi word.		(1)
1.10	• Die ondergrondse Marsbewoners dink hulle word weer aangeval. • Hulle maak gereed vir 'n teenaanval. (Enige EEN of soortgelyk)		(1)
1.11	• 'n Finale verdrag is onderteken wat alle kernontploffings verbied het. • Politieke sanksies dwing moedwillige regerings om dit nie te doen nie. (AL TWEE)		(2)
1.12	(Dit word met) vuurwerke (geassosieer).		(1)
1.13	Om te verseker dat hulle samelewing oorleef.		(1)
1.14	Ja. Dit help om jou kennis van ander wêrelde vir die fisikawêreld oop te maak. (Of soortgelyke antwoord) OF Nee. • Kerntoetse kan verrykende gevolge hê. • Mense kan aan uitstraling blootgestel word. (Enige EEN of soortgelyke antwoord)		(1)
	TOTAAL:		[17]

KONSEP

Kortverhaal 2: *Die Vlek* deur Piet Nell

Agtergrond

Pierré Olivier, 'n regsgeleerde, skryf onder die skuilnaam Piet Nell. Hy is die skrywer en mede-skrywer van verskeie akademiese werke wat met die Suid-Afrikaanse regstelsel te make het. Sy handige uitdrukkingsvermoë en taaltalent het hom in staat gestel om met gemak akademiese werk ewe gemaklik as poësie en verhale te skryf. Hy was altyd deur mense se eienaardighede en sterk begeerte gefassineer en hy was inderdaad 'n inspirasie vir vele van sy kinders se slaapydstories. Die skrywer is in 2003 oorlede.

1. Opsomming

Die storie begin met 'n blinde man, Henry, wat met 'n kwaai stem met sy gidshond, Aiku, praat wanneer hy voel die hond se liggaam verstyf en dat sy knorrend in haar spore vassteek.

Die leser word ook aan verkeerskonstabel, Harms, bekend gestel soos hy die verkeer beheer en help dat Henry veilig oor die straat kan stap.

Henry hoor rondom hom mense wat beweeg, motors wat brom, skreeuende bande om 'n draai en veraf in die verte 'n sirene, terwyl hy oor sy gesig vee, aan sy donkerbril op sy oë raak en sy kop effens skud.

Die verkeersman is baie omgekrap en 'n kalmerende geluid wat Henry maak, ontstel hom nog net meer. Hy raas met Henry om te sorg dat hy oor die pad kom en dreig dat hy die hond met sy skoene oor die pad sal aanhelp. Hy kla ook gefrustreerd dat die kruising daagliks erger word.

Hy vloek toe iemand teen hom stamp en een hom in die ribbes pomp sodat Aiku 'n skerp knor gee.



Verkeersman

Iemand kla van 'n kopseer en Henry hoor hoe iemand struikel en val. Alles is deurmekaar met remme wat 'n rou geluid voortbring en metaal wat teen mekaar skuur. Henry laat val amper Aiku se leiband toe iemand hom byna onderstebo loop.

Henry wonder wat om hom aangaan, terwyl hy skielik in 'n wonderwêreld van lig en kleur is.

Verstommend ruk Henry die donkerbril van sy oë af terwyl hy verbasend om hom kyk. Sy droom was altyd om te kan sien en nou ewe skielik kan hy.

Hy kan nou al die kleure sien waarvan hy net gehoor het en dit lyk selfs beter as wat hy kon dink. Vir hom is alles net ongelooflik.

Sy oog tref toe die spatsel teen die hoë gebou skuins voor hom.



kleurvolle verskynsel

Terwyl Henry na die leerband in sy hand kyk, staar die hond knorrend na die wolkekrabber. Twee motors bots teen mekaar en hy sien en wonder of die verkeerskonstabel by die skellende bestuurders is.

Hy merk dat almal oral ontsteld en vererg is. Dit is net Henry wat glimlag en huppelend in die straat wil dans. Hy is verbaas dat almal so boos is en nie saam met hom wil juig nie. Hy is haastig om by die huis te kom om sy ouers van die wonderwerk – om te kan sien – te vertel.

Hy moet oor en oor dieselfde storie vertel, terwyl sy ma sprakeloos in tranes van blydschap wonder of sy haar man moet bel of hom by sy tuiskoms moet verras.

Die hoofberig oor die vreemde verskynsel wat die oggend die stad in chaos gedompel het, oorheers die aandnuusbuletin. Henry verstom hom aan die wonders van die televisie terwyl hy daarna staar en die beeld van die onrus in die middestad sien. Daar word vertel van die onbekende en onherkenbare kleur wat teen die Brouerygebou in Mandelastraat gesien is. Dit veroorsaak dat mense kla van verskriklike hoofpyne, 'n skerp brand in die oë en lighoofdigheid, terwyl verhoogde aggressie ontwikkel het.

Misdaad in die middestad vier hoogty. Henry skud sy kop toe sy pa vir hom vra of hy ook daardie dinge gevoel het, waarop hy antwoord dat hy net gevoel het hoe mense teen hom stamp en dat hy motorbotsings gesien het.

Henry stel voor dat hulle die professor moet gaan sien, maar sy ma is nie ten gunste daarvan nie.

Henry kan daardie aand nie aan die slaap raak nie en terwyl hy na die duisende stadsliggies deur die vensters kyk en sien hoe die sterre in die verre ruimte verdof, kan hy steeds nie glo wat met hom gebeur het nie. Hy wonder waarom hy so geseënd en uitverkore is.

Intussen oorheers die nuus van die verskynsel en die voortdurende chaos ook die laat nuusbuletin. Selfs die verkeerspolisie word deur mense aangeval wat uit hul motors spring met moord in hul gedagtes.

Die vlek tas almal aan wat naby daaraan kom en die Stads- en Wanadministrasie versoek almal om die rampgebied te vermy.

Skielik verdwyn die vlek. Alles is weer normaal en die lewe gaan weer aan. Daar word verduidelikings vir die vlek gesoek en kommentaar daaroor gelewer. Die meeste mense wens egter dat die vlek vir altyd weg is.

Die volgende dag is daar natuurrampe in verskeie dele van die land wat die media se aandag van die vlek afneem.

Die Kunstefees word een aand deur die president geopen en alles is tot in die fynste besonderhede gereël.

Terwyl hulle televisie kyk, is Henry die eerste om die vlek te sien. Pandemonium breek weer uit en die president se wagte vorm 'n kordon om hom te beskerm. Net soos die vorige keer verdwyn die vlek weer net so geheimsinnig.

Daar is bespiegeling oor wie verantwoordelik is vir die vlek. Die rooies en die regses word daarvoor geblameer dat hulle 'n komplot smee. Daar word selfs gesê dat dit moontlik 'n aanval uit die ruimte is.

Henry voel al hoe meer oortuig dat die vlek iets te doen het met die wonderwerk om te kan sien. Hy meen dus dat die vlek nie sleg is nie en begin sterk daaraan dink om die professor te gaan sien omdat hulle gevra het dat mense wat iets van die vlek weet, hulle dalk kan help. Daardie aand slaap Henry baie onrustig.

Die volgende oggend verskyn drie van Henry se vriende, wat gestremd was, op ontbyt-TV en vertel hoe hulle wonderbaarlik by die Kunstefees uit hul rolstoele kon opstaan en loop nadat die vlek verskyn het. Daar word ook gerapporteer van 'n ander persoon wat so-te-sê blind was en nou nie meer haar bril hoef te dra nie.

Henry is nou oortuig dat die vlek die wonderwerk veroorsaak het. Daar is egter onsekerheid waarom dit dan gewone, gesonde mense mal maak. Die oggendkoerant het selfs berig van 'n vigslyer wat genees is.

Toe verskyn die vlek in die Zuma-Zuma hospitaal en word ook in verskeie stede opgemerk. Pasiënte verlaat haastig die hospitaal om hul nuutgevonde gesondheid te vier.

Oral word die vlek opgemerk en daar is nuus van verskriklike woede en aggressie onder die gesonde, normale mense, terwyl wonderwerke onder siekes na vore kom. Die wetenskaplikes worstel nog steeds met die bedoeling van die vlek en hoe dit benut kan word.

Verkeerskonstabel Harms, wat nooit tyd vir nuusuitsendings en vergaderings het nie, word weer deur dieselfde gebeure as voorheen gekonfronteer: verskeie motors wat hul remme aanslaan, 'n ambulans met skellende sirene wat in die motors vasjaag en voetgangers wat in hul spore vassteek. Sy gille steur nie die mense nie – hulle oë vasgenael is op die Megatonwinkel oorkant die Brouerygebou. Vloekend staar verkeerskonstabel Harms verstom na die vlek wat al groter teen die voorste muur word. Toe dit donker word voor sy oë, kook die vreeslikste woede in hom. Hy pluk sy vuurwapen uit en begin sonder rede op die vlek vuur en nadat hy herlaai en 'n tweede sarsie afvuur, word die vlek vaer en vaer en verdwyn om nooit weer gesien te word nie.

2. Titel

Die vlek is 'n verhaal wat vertel van 'n vreemde verskynsel wat wonderwerke tot gevolg het, maar wat ook die gewone, normale mense in woede en aggressie dompel.

3. Boodskap en tema

'n Bonatuurlike verskynsel word in hierdie kortverhaal as 'n vlek beskryf, wat aan die een kant mense aggressief maak, maar ook wonderwerke laat gebeur.

Simbolies wys die vlek hoe die mense dikwels negatief op onbekende dinge reageer en dat hulle in die proses iets, wat baie goed vir ons kan wees, vernietig.

4. Hoe word die verhaal vertel

4.1 Ruimte en Tyd

Die kortverhaal speel af in die hedendaagse wêreld waarin daar 'n ongewone vlek in 'n besige middestad verskyn. Die gebeure wanneer die vlek sy verskyning maak speel af op verskillende plekke naamlik:

- 1) Die eerste keer die oggend teen die muur van die Brouery in Mandelalaan.
- 2) Die tweede keer, die volgende aand, by die Kunstefees.
- 3) Die volgende oggend in die Zuma-Zuma hospitaal.
- 4) Laastens verskyn die vlek weer teen die Megatongebou oorkant die Brouerygebou in Mandelalaan.

Die verhaal speel ook af by Henry se huis, en op die kruispad waar verkeerskonstabel Harms die verkeer op die hoek van Vryheidstraat en Mandelalaan beheer.

4.2 Intrige en struktuur

(i) Eksposisie/verwikkeling:	Die verhaal begin met Henry wat probeer om sy gidshond, Aiku, te kalmeer wanneer die hond vreemd reageer en verkeerskonstabel Harms wat Henry en Aiku oor die pad probeer help.
(ii) Motoriese moment:	Henry word skielik bewus van die warboel rondom hom en dat hy daarna skielik wonderbaarlik kan sien.
(iii) Konflik	
Uiterlike Konflik:	Die vlek veroorsaak aan die een kant verhoogde aggressie en negatiewe reaksies by die gewone, normale mense. Aan die ander kant het dit wonderwerke

	veroorzaak.
Innerlike Konlik:	Henry wonder of hy die professor moet besoek om hom van sy wonderwerk, dat hy kan sien, moet vertel.
(iv) Klimaks:	Wanneer die vlek weer in Mandelalaan aan die oorkant van die Brouerygebou verskyn, raak al die ekstra spanning te veel vir verkeerkonstabel Harms. Woedend skiet hy wild op die vlek en dit verdwyn vir ewig.
(v) Afloop en ontknoping:	Daar word vertel dat die vlek nooit weer gesien word nie. Dit word aan die leser oorgelaat om self te besluit wat verder gebeur het: Het alles weer na normaliteit teruggekeer? Het Henry weer sy sig verloor nadat die vlek verdwyn het? Wat het met die ander mense gebeur wat genees is? Dit is 'n oop einde.

4.3 Karakterisering

4.3.1 Hoofkarakter(s)

Henry, 'n blinde man, wat daagliks die pad in die middestad met sy gidshond kruis.

Verkeerkonstabel Harms. Ons ontmoet hom aan die begin van die verhaal waar hy die verkeer stop sodat Henry en sy hond oor die pad kan kom. Later toon hy aggressiewe gedrag in reaksie op die vlek.

4.3.2 Newekarakter(s)

Daar is ander mense soos Henry se ma en pa, asook die motoriste en voetgangers wat met die vlek in aanraking kom. Daar is ook die Minister van Stads- en Wanadministrasie wat die burgers versoek om 'n alternatiewe roete te gebruik en om nie na die rampgebied te kom nie.

4.4 Verteller

'n **Derdepersoonverteller** (alwetende verteller) is aan die woord. Die verteller verwys na die karakters in die verhaal as "hy", "sy" en "hul/hulle". Hierdie derdepersoonsoogpunt help die leser om die storie vanuit 'n wyer perspektief as slegs uit een karakter se oogpunt te sien.

Die verhaal laat mens nadink oor hoe mense op bonatuurlike verskynsels reageer – was die aggressie werklik die gevolg van die vlek self of van die mense se reaksie op die ongewone? Hoe vernietig ons uit eie vrees dinge wat vir ons goed kan wees?

4.5 Styl

Sinne en paragraafstruktuur: Die intrige is opgebou deur afwisseling van realistiese beskrywings van besige stadsverkeer, stadslewe, die onverklaarbare vlek en die mense se reaksie daarop.

Woordgebruik: Sterk sensoriese beskrywings (wat hulle sien, hoor, voel) soos “remme krys”, “blou-blou”, “prewel”, “groot blerts”, “onbeskryflik”, “kleurspektrum”, “sketterende sirene”, ensovoorts, word gebruik om te beklemtoon hoe mense die vlek ervaar en ook hoe die ander geluide die blindheid ondersteun.

Die skrywer gebruik **kontraste** om die simboliek van die vlek te versterk. Kleur word ook 'n integrale faktor in die kortverhaal omdat dit juis in kontras teenoor blindheid (donkerte/kleurloos) staan. Die vlek bring positiwiteit vir die wat nie kan sien nie, nie kan loop nie, of siek is.

Daarenteen bring dit negatiewiteit vir die gewone, normale mense wat aggressief word en mekaar sonder rede aanval.

4.6 Beeldspraak en Stylfigure (figuurlike taal)

- Die uitdrukkings “Toe-toe” en “hanna-hanna” skep die gevoel van haastigheid, wat **ironies** aan 'n blinde man met sy gidshond gesê word.
- **Kontras:** Die blinde man wat “struikel” en “val” staan teenoor die vlek wat saggies (vlietend) beweeg.
- **Personifikasie:** Die skrywer maak ook gebruik van personifikasie om die geluide te versterk byvoorbeeld: “... **brom** die **motors**, **skreeu** die **bande** om draaie en 'n veraf **skril sirene**.” (Ook Klanknabootsing/Onomatopée)
- **Klanknabootsing/Onomatopée:** “... **brom** die motors, **skreeu** die bande om draaie en 'n veraf **skril sirene**.” (Ook personifikasie)

4.7 Toon en stemming

Die verskyning en die impak van die vlek skep deurlopende **spanning** en **afwagting** by die leser. Die verhaal begin met die eerste sin op 'n toon waar die leser die gevoel kry dat daar 'n noodsituasie is. Dit berei die leser voor vir 'n spannende verhaal.

Die verskyning van die vlek ontwikkel 'n gevoel van **positiwiteit** wanneer baie mense van hul siektes en kwale genees word.

Daarenteen wek dit 'n gevoel van **antagonisme** teenoor die vlek by sommige mense omdat dit 'n **negatiewe** uitwerking op die gewone, normale mense het.

Die **elliptiese einde** van die verhaal skep 'n **antiklimaks** en 'n gevoel van **afwagting** by die leser. Dit laat die leser nadink wanneer die vlek aan die einde van die verhaal verdwyn.

Aktiwiteit 2

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die hond begin staan, trillend onder sy hand.

Henry vee oor sy gesig, raak aan die donkerbril op sy blinde oë, skud sy kop effens. Rondom hom beweeg mense, brom motors, skreeu bande om draaie en veraf skril 'n sirene.

“Jy mag jou verbeel ek bedoel dit goed, maar ek's **keelvol** vir mense wat dink hulle weet beter en ry soos hulle wil.”

Die verkeersman is behoorlik omgekrap en Henry maak 'n kalmerende geluid wat die man net nog meer **ontstel**.

“Toe, maak dat jy oor die straat kom voor ek hierdie verhekste hond met my skoene aanhelp. Dit word daagliks erger hier op die kruising van Vryheidstraat en Mandelalaan. Net so wel ek is nie by die simpel vergadering nie, want stel jou voor wat hier sou aangegaan het sonder my!”

Iemand stamp aan hom en hy swets, nog een pomp Henry in die ribbes en Aiku knor skerp.

“My kop!” kreun 'n dowwe stem en Henry hoor iemand **struikel en val**.

Remme krys en metaal skuur teen metaal. Henry laat val amper Aiku se leiband toe iemand hom byna onderstebo loop.

Wat gaan aan, wonder hy en toe is hy in 'n wonderwêreld van lig en kleur.

Hy knip sy oë, ruk die donkerbril af en kyk verstom om hom rond. Dis of hy die honger van jare in een moment wil ...

- 2.1 Noem die TWEE hoofkarakters in die kortverhaal. (2)
- 2.2 Noem TWEE dinge in die teks wat aandui dat Henry blind is. (2)
- 2.3 Watter TWEE woorde sê vir ons die verkeerskonstabel by die kruising kwaad is? (2)
- 2.4 “My kop! kreun 'n dowwe stem... (Reël 16)
Wat hoor Henry nadat iemand kreun van sy kop?
- 2.5. “Wat gaan aan, wonder hy en toe is hy in 'n wonderwêreld van lig en kleur.” (Reël 20)
 - 2.5.1 Waaroer wonder Henry? (1)
 - 2.5.2 Waarna verwys die “...wonderwêreld van lig en kleur?” (1)
- 2.6 Die vlek verskyn op verskillende plekke.
Kies die plek in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers 2.6(a) tot 2.6(d) neer. (4)

KOLOM A	KOLOM B
(a) Henry is in 'n wonderwêreld	A Zuma-Zuma hospitaal
(b) Vriende in rolstoele staan op en loop	B Limpopo
(c) Pasiënte vlieg uit hul beddens	C Teen die Brouerygebou
(d) Verkeerskonstabel Harms skiet op die vlek.	D Die aand van die Kunstefees
	E Megatongebou oorkant die Brouery

- 2.7 Dink jy die einde van die kortverhaal is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)
- 2.8 As die vlek in jul omgewing opgemerk word, watter positiewe veranderinge sal jy graag wil hê moet teweeg gebring word en waarom? (2)
- 2.9 Wat is die boodskap van hierdie kortverhaal? (1)
- 2.10 Dink jy die vlek het werklik bestaan? Motiveer jou antwoord. (1)
- TOTAAL:** [17]

Moontlike Antwoorde vir Aktiwiteit 2

2.1	Henry en verkeerskonstabel Harmse	(2)
2.2	Sy gidshond en sy donkerbril	(2)
2.3	• keelvol • ontstel <i>(AL TWEE)</i>	(1) (1)
2.4	Henry hoor iemand struikel en val.	(1)
2.5.1	Hy wonder waarom alles so deurmekaar is.	(1)
2.5.2	Dis die kleur van die vlek (wat hy wonderbaarlik kan sien).	(1)
2.6(a)	C: Teen die Brouerygebou	(1)
2.6(b)	D: Die aand van die Kunstefees	(1)
2.6(c)	A: Zuma-Zuma hospitaal	(1)
2.6(d)	E: Megatongebou oorkant die Brouery	(1)
2.7	Ja. • Dit sluit aan by die onverklaarbaarheid. • Die skielike verskyning van die vlek aan die begin. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i> OF Nee.	

	- Die verhaal laat te veel vrae aan die leser oor. 'n Mens sou wou weet wat het met die mense gebeur en ook of die vlek nog bestaan. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
2.8	Wat ek graag sal wil hê: - Werkloosheid moet opgehef word. - Sosiale euwels soos drank – en dwelmmisbruik moet heeltemal uit die gemeenskap verdwyn. (Enige EEN of soortgelyk) Motivering: - Daar is te veel werkloosheid in die land. - Drank- en dwelmmisbruik verbrokkel gesinne. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
2.9.	Hoe ons eie vrees dinge vernietig wat moontlik goed vir ons kan wees.	(1)
2.10	Ja. As 'n mens in wonderwerke glo, dan is dit moontlik dat iets soos die vlek kan bestaan. (Of soortgelyk) OF Nee. Die vlek is maar net 'n mens se verbeelding. (Of soortgelyk)	(1)
	TOTAAL:	[18]

Kortverhaal 3: *Die droom* deur Pierré Olivier

Hy het dikwels in howe buite die OVS opgetree, veral in Windhoek en Lesotho. Aan die einde van 1985 is hy aangestel as regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika en vroeg in 1986 is hy as voltydse lid na die Suid-Afrikaanse Regskommissie in Pretoria gesekondeer.

Regter Olivier is op 15 Desember 1994 aangestel as 'n waarnemende regter van die Appèlhof in Bloemfontein en met ingang 1 April 1995 is hy permanent in die Appèlhof aangestel. Hy was daarbenewens ook buitengewone professor in die Bewys- en Prosesreg aan die Universiteit van Pretoria. Pierré Olivier is in 2003 oorlede. Hy was getroud met Helene (neé De Beer), 'n skrywer en uitgewer van kinderboeke. Hulle het vier seuns gehad vir wie hy as kinders graag saans stories vertel het voor hulle gaan slaap het. Hul gunsteling was stories uit sy tuisland, Namibië en avonture van onverskrokke ontdekkingsreisigers in die ruimte.

1. Opsomming

Oom Jaap is op 'n Intercity bus op pad na die Vrystaat om te gaan kuier. Hy sien baie uit daarna, want hy is lank alleen op sy plaas nadat sy vrou Ansa drie jaar tevore in haar slaap onverklaarbaar gesterf het.

Op die bus is daar twee seuns wat sitplekke met Oom Jaap ruil. Oom Jaap stel voor dat die seuns reg langs mekaar sit en hy ruil sitplekke om.

Langs die een seun, teen die venster, sit 'n vreemde meisie wat paniekerig en bekommerd na haar horlosie kyk asof sy vir iemand wag, want die weerkantoor het storms en vloede voorspel. Sy glimlag skielik en wink vir 'n jongman en nadat hy op die bus geklim het, neem hy sy sitplek langs haar in.

Terwyl die paartjie hulle kuierplanne bespreek, dwaal Oom Jaap se gedagtes weg na sy avontuur wat vir hom wag. Die meisie teen die venster se stem dring deur tot oom Jaap se gedagtes en hy luister onwillekeurig na haar. Die meisie, Rienie, vertel haar vriend, Jaco, van die vreemde drome. Sy sê vir hom dat sy op die plaas saam met haar ouers woon en dat sy 'n tweelingbroer het.

Sy vertel haar vriend dat sy elke nag verder droom asof dit 'n vervolgverhaal is. Rienie vererg haar toe haar vriend voorstel dat sy 'n sielkundige moet gaan sien. Die drome bekommer haar en haar vriend probeer haar gerusstel.

Die stilte langs hom laat oom Jaap beseft dat 'n mens nie alleen moet bly nie, maar dat jy iemand moet hê om mee te praat. Die jongman vra toe vir Rienie, die vreemde meisie, om hom van die drome te vertel. Sy vertel dat sy in die droom op 'n plaas woon as 'n meisie wat nie regtig sy is nie, maar wat soos sy lyk. Sy verduidelik dat haar naam in haar droom Maria is, maar hulle noem haar Marrie. Die naam laat oom Jaap se ore spits.

Rienie beskryf die plek en die dinge wat sy in die droom doen, tot die fynste besonderhede. In die droom speel alles in die tydperk van die perdekar af waar daar nog geen televisie was nie. Sy vertel hoe sy 'n jongman, Theuns en sy broer, Japie, ontmoet en hoe hulle geleidelik vriende word.

Oom Jaap is gefassineerd deur die storie en wonder wie die meisie Rienie is.

Later besluit oom Jaap om 'n slapie te neem om die pad korter te maak, terwyl dit buite suis van die reën.

Marrie, die meisie wat Rienie in die droom is, besluit toe om verder te gaan studeer. 'n Nuwe busdiens is geskep en daardie aand toe sy vertrek, het Theuns haar verras deur saam stad toe te reis en haar by die treinstasie te besorg.

Oom Jaap sê vir homself dat daar iets belangrik is wat hy moet onthou, maar die slaap oorrompel hom.

Jaco verduidelik aan Rienie dat hy die vorige aand 'n gevoel van dreigende onheil gehad het. Sy sê dat sy bang is om te slaap en troostend, met sy arm om haar, waarsku Jaco dat hulle binne die volgende halfuur sou afklim.

Oom Jaap was in 'n diepe slaap toe die jongmeisie en die jongman afklim.

Toe hy in die nanag wakker skrik, besef hy dat hy iets moes onthou het. Hy moes die meisie gewaarsku het. Hy troos homself dat dit slegs 'n droom was. Hy is oortuig dat die meisie nie van sy pa, Jaap, se broer Theunis en sy nooientjie Marrie kon droom nie. Hulle het verongeluk in hul vriende se kar toe die brug weggespoel het.

2. Titel

Die droom is 'n storie waar 'n jong meisie vertel van 'n vreemde droom waarin sy as 'n ander meisie in 'n baie vroeër tydperk (voor televisie) gelewe het. Die vertelling van die droom interesseer oom Jaap, want hy wonder of dit nie dalk die oorvertelling van die ongeluk van sy familie, lank gelede, is nie.

3. Boodskap en tema

Die storie laat 'n mens wonder oor sogenaamde heldersienheid onder mense.

Die verhaal vertel van 'n meisie se vreemde droom waarin sy skynbaar die gebeure van lank gelede sien en dan herroep.

Die hede en verlede word deur die fokusverskuiwings tussen die gesprek van die meisie en haar vriend en oom Jaap, wat na die gesprek luister, saamgebring. Die droom laat 'n mens wonder of dit net toeval is dat die jong meisie skynbaar herroep wat met oom Jaap se familie lank gelede gebeur het, en of dit dalk 'n waarskuwing is oor wat met die jongmense gaan gebeur.

4. Hoe word die verhaal vertel

4.1 Ruimte en Tyd

Die verhaal skop af op 'n langafstandbus waar die passasiers gereed maak om te ry. Die gebeure speel af gedurende die rit op die bus en toevallig hoor oom Jaap 'n gesprek tussen 'n jong meisie en haar vriend.

Die tydsverloop geskied deur die loop van die dag tot na middernag toe oom Jaap wakker skrik.

Daar is ook 'n duidelike fokusverskuiwing tussen die gesprek oor 'n droom en oom Jaap wat daarna luister. Die gebeure van oom Jaap se familie lank gelede, het 'n toevallige ooreenkoms met die droom wat die hede en die verlede met mekaar in verband bring.

4.2 Intrige en struktuur

(i) Eksposisie/verwikkeling:	Oom Jaap is op 'n bus op pad na die Vrystaat en ruil sitplekke om nou langs 'n jong man en sy vriendin, wat oor 'n vreemde droom praat, te sit.
(ii) Motoriese moment:	Die sitplekverskuiwing het die sentrale karakters, oom Jaap en die jong meisie en haar vriend bymekaar gebring. Dit bring mee dat die droom wat die meisie aan haar vriend vertel, oom Jaap se belangstelling prikkel, terwyl hy alles kan hoor.
(iii) Konflik	
Uiterlike Konflik:	Geen
Innerlike Konlik:	Oom Jaap se interne bewuswording van die ooreenstemmings van die droom en mense in sy eie lewe suggereer dat daar innerlike konflik is. Verder is daar subtiel innerlike konflik deurdat oom Jaap aan die einde met homself worstel of hy dit wat hy moes onthou het, nie gedoen het nie en die moontlike gevolge wat dit kan inhou.
(iv) Klimaks:	Oom Jaap raak aan die slaap voor hy vir die meisie iets belangrik kan vertel. Die skrywer gebruik 'n oop slot wat egter die ware klimaks van die verhaal aan die leser oorlaat, m.a.w. of daar wel na afloop van die storie iets met die jongmense gebeur het.
(v) Afloop en ontknoping:	Die jong meisie se droom wek 'n gevoel van dreigende onheil by haar. Nadat die jongmense reeds afgeklim het, skrik oom Jaap eers wakker.

(vi) Verrassingselement:	Oom Jaap onthou dat hy die meisie van sy oom, Theunis en sy vriendin Marrie, wou vertel. Hulle het verongeluk toe hulle vriende se kar tydens 'n storm, van 'n brug afgespoel het.
--------------------------	--

4.3 Karakterisering

4.3.1 Hoofkarakter(s)

Oom Jaap is 'n bejaarde man op 'n langafstandbus, vanaf die Bosveld, op pad na die Vrystaat waar hy gaan kuier.

'n Jong paartjie, Rienie en Jaco, sit langs oom Jaap en gesels oor die vreemde droom wat sy kry oor die ongeluk van 'n meisie en haar vriende.

4.3.2 Newekarakter(s)

Die ander twee seuns op die bus wat voor die vertrek met oom Jaap sitplekke ruil, se rol in die verhaal is beperk tot die eksposisie. Aan die begin verwag 'n mens dat hulle deur die verloop van die verhaal 'n rol sal speel.

4.4 Verteller

'n **Derdepersoonverteller** (alwetende verteller) is aan die woord. Die verteller verwys na die karakters in die verhaal as "hy", "sy" en "hul"/ "hulle". Hierdie derdepersoonsoogpunt help die leser om die storie vanuit 'n wyer perspektief as slegs uit een karakter se oogpunt te sien.

Die vertellingshoek het die doel om 'n mens te laat wonder oor sogenaamde heldersiendheid onder mense.

4.5 Styl

Die fokus verskuif tussen oom Jaap en die meisie wat vir haar vriend van haar droom vertel. Daardeur word die intrige opgebou om spanning te skep. Die ware klimaks word aan die leser oorgelaat.

Die ellips: Die skrywer gebruik die ellips om aan te toon hoe oom Jaap probeer onthou wat hy die meisie moet vertel, asook om die moegheid te beklemtoon toe die slaap hom oorval.

4.6 Beeldspraak en Stylfigure (figuurlike taal)

Voorbeelde van **personifikasie** word op bladsy 67 gevind, naamlik "Oom Jaap se **gedagtes dwaal weg** ..." en "... 'n mens se **lewe vlieg** so vinnig **verby**". Op bladsy 68 is ook 'n

voorbeeld van personifikasie, “Die kelner ... sien hoe swaar **wolke** hul donker **skaduwees** oor die veld werp.”

Klanknabootsing kom op bladsy 68 voor: “die **getjilp** van Basveldvoëls”, “die donder **rammel** naby” en “die meisie **pik-pik**” maar net en sy is reeds so ’n skrale ou dingetjie.”

4.7 Toon en stemming

Aanvanklik word daar ’n ontspanne gevoel van afwagting geskep wat later met die vertelling van die droom ’n spannende atmosfeer skep en die leser uiteindelik met baie vrae laat.

Aktiwiteit 3

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Oom Jaap sit gefassineerd en luister. Wie sou die meisie wees? Rienie ... Rienie wie?	
Die kelner begin tee bedien en die meisie bly stil, kyk weer by die venster uit, sien hoe swaar wolke hul donker skaduwees oor die veld werp. Blitse flits en die donder rammel naby. Oom Jaap geniet sy tee en toebroodjies. Hy sien die meisie pik-pik maar net en sy is reeds so ’n skrale ou dingetjie. In sy jongdae was daar darem iets om ’n vat aan te kry, nie dat hy erg had aan oorgewig meisies nie ... Ansa was ’n mooi mens en Julia pas haarself op.	5 10
Hier begin een bene uitstrek en daar leun iemand terug soos hulle regmaak om gemakliker te sit, want die nagskof lê voor en ’n dutjie maak die pad korter. Oom Jaap laat sak sy rugleuning en lê terug, sluit sy oë net toe die eerste swaar druppels teen die ruite begin spat.	15
“Het jy toe gaan leer?” vra Jaco toe Rienie ook gemakliker terugleun?	
“Alles is bespreek. Daar is intussen ’n busdiens begin, so ’n groot rooi bus met ses sitplekke vir passasiers en verder ’n toe vragtrok. Toe Theunis my die aand voor my vertrek kom groet verras hy my. Hy sal saamreis, want hy moet ook stad toe en sal my dan by die trein besorg. Ek is so bly, ...”	20

- 3.1 Waarna het oom Jaap geluister wat hom so fassineer? (1)
- 3.2 Wie sou die meisie wees? Rienie ... Rienie wie? (Reël 1–2)
Wie is Rienie oor wie oom Jaap wonder? (1)
- 3.3 Waarom was Marrie op die bus? Haal ’n sin aan uit die leesstuk om jou antwoord te staaf. (2)

- 3.4 Wat was oom Jaap se oom (sy pa se broer) se naam en hoe stem dit ooreen met die droom wat die jong meisie vertel? (2)
- 3.5 "... en 'n dutjie maak die pad korter..." (Reël 13)
- 3.5.1 Waarna verwys die "dutjie"? (1)
- 3.5.2 Wat was die gevolg van oom Jaap se "dutjie"? (1)
- 3.6 Watter tipe verteller het ons in die verhaal? Motiveer jou antwoord. (2)
- 3.7 Kies die KORREKTE antwoorde uit dié tussen hakies.
"... Ansa was 'n mooi mens en Julia pas haarself op."
(Ansa/Julia) is oom Jaap se oorlede vrou en (Ansa/Julia) is die vrou met wie hy nou mee wil trou. (2)
- 3.8 Dink jy die meisie se gevoel dat iets vreesliks gaan gebeur, gaan waar word? Motiveer jou antwoord. (1)
- 3.9 Die tema van die verhaal is die verlede en die hede wat saamgebring word. Verduidelik hoe die tema in die verhaal uitgelik word. (1)
- 3.10 Watter ooreenskoms is daar in die weersomstandighede op die aand toe die jongmeisie en die jongman van die bus afgeklim het en die dag toe oom Jaap se familie verongeluk het? (1)
- 3.11 Hoe skep die skrywer spanning in die verhaal? (1)
- 3.12 As jy oom Jaap was, hoe sou jy die situasie hanteer het nadat jy die droom gehoor het? (1)
- TOTAAL:** [17]

Moontlike Antwoorde vir Aktiwiteit 3

3.1	Hy luister na die jong meisie se droom oor die mense wat toevallig soos die familie klink wat jare gelede verongeluk het.	(1)
3.2	Rienie is 'n meisie op die bus wat die droom, waarvan sy self deel is, vertel.	(1)
3.3	Marrie was op pad om te gaan studeer nadat haar ma gesond geword het. "Het jy gaan leer?" vra Jaco toe Rienie ook gemaklik terugleun.	(2)
3.4	Theunis. Die naam stem ooreen met die naam van die persoon in die droom en toevallig het sy oom Theunis en sy nooientjie, wie ook Marrie was, ook in hul vriende se kar verongeluk.	(2)
3.5.1	"dutjie" verwys na 'n slapie.	(1)
3.5.2	Hy het nooit die geleentheid gehad het om die meisie te waarsku van die ongeluk nie.	(1)
3.6	Derdepersoonverteller. Hy het na die karakters in die leesstuk as "hy" en "sy" verwys.	(2)

3.7	Ansa; Julia	(2)
3.8	Ja, die mense en die omstandighede in die droom is presies dieselfde as dié van oom Jaap se oom en sy nooientjie toe hulle verongeluk het. OF Nee, dit is blote toeval, want daar is nie so iets soos voorbode nie.	(1)
3.9	Die droom wat in die verlede afspeel word in die hede deur oom Jaap ervaar.	(1)
3.10	Dit is stormweer (op albei geleenthede).	(1)
3.11	Deur die verhaal met 'n oop slot te beëindig en dan dit aan die leser oor te laat.	(1)
3.12	Ek sou onmiddellik die meisie gewaarsku het, want dit was soos 'n voorbode. OF Ek sal niks sê nie, want dit is net 'n toevallige droom.	(1)
	TOTAAL:	[17]

Kortverhaal 4: *Geluk in ongeluk* deur Theltom Masimila

Agtergrond

Theltom Masimila se skryfloopbaan het op laerskool begin. Sy inspirasie om self te begin skryf het sy oorsprong in 'n onderwyser wat 'n gedig van Breyten Breytenbach voorgelees het.

Hy woon tans in die Strand en op 27-jarige ouderdom is hy die hoofskrywer en vervaardiger van die reeks *Arendsvlei* wat op televisie uitgesaai word.

By laerskool Scottsville in Kraaifontein, waar Theltom en sy tweelingbroer aanvanklik skool gegaan het, was hul pa die onderhoof. In graad 4 is die boeties verskuif na die Primêre Skool Petunia in Kraaifontein.

]

Hy en sy tweelingbroer Thelren het op die ouderdom van 16 jaar, tesame met 'n paar vriende, hul eerste digbundel *Piemp* gepubliseer.

Op 18-jarige ouderdom word sy eerste kortverhaal in die tydskrif *Kuier* gepubliseer en 22 verdere verhale het daarna in die tydskrif gevolg.

'n Jaar later (19 jaar oud) begin hy 'n kortverhaal skryf wat ook aan sy wêreld en mense hul regmatige plek gee. Na matriek aan die hoërskool Scottsville het hy aan die universiteit van Stellenbosch medies beging studeer. Dit was egter nie sy passie nie en hy het opgeskop.

In 2015 begin hy as draaiboekskrywer aan die gewilde Kaapse sepie *Suidooster* werk.

Na byna drie jaar by *7de Laan* en *Suidooster*, het hy posisie as ontwikkelingshoof by Penguin Films opgeneem.

1. Opsomming

'n Man se innerlike konflik word op 'n sensitiewe manier met 'n baie moeilike besluit gekonfronteer, naamlik of hy die masjiene – wat sy vrou nou al vir jare ná 'n ongeluk aan die lewe hou – moet laat afskakel.

Die verhaal begin waar Gavin sy vrou, Karla, in die hospitaal besoek.

Hy het vir Karla by 'n Italiaanse restaurant op sy een-en-twintigste verjaardag ontmoet. Hy onthou dat hulle albei cappuccino bestel het en dat hulle, voor die koffie klaar gedrink was, alles van mekaar geweet het.

Anders as in die verlede, wanneer hy Karla daardie dag in die hospitaal besoek, kry hy nie die normale hoendervleis wat hy van sy nek tot by sy arm voel nie. Verderaan is alles dieselfde. Dit pla hom. Hy het 'n brief wat hy tussen sy vingers hou.

Sy stem is sag en rustig terwyl hy met Karla praat.

Hy vertel haar van hul tienjarige dogter, Vicky, wat so uitstekend haar woorde bymekaar sit.

Hy gaan sit soos gewoonlik langs die bed op Karla se gunsteling stoel – die stoel wat hy op hul wittebrood vir haar gekoop het. Gavin het die stoel by 'n oudhedewinkel in Kaapstad gekoop. Sy het aanvanklik niks gesien waarin sy belangstel nie, totdat hy vir haar die stoel gewys het waarop sy toe gesit het. Sy het in sy oor gefluister dat die stoel haar altyd aan hom sal herinner en dat hy haar altyd moet sien lag wanneer hy dit sien.

Hy vertel vir Karla van 'n baie interessante artikel wat hy daardie oggend in die koerant gelees het oor 'n Franse ingenieur wat 'Mona Lisa' met sy spesiale kamera afgeneem het. Hy vertel vir Karla dat hy baie pragtige foto's van haar kon neem as hy daardie kamera gehad het. Hy noem aan haar dat 'Mona Lisa' net so mal oor haar stoel is.

Vir 'n tydjie lê hy met sy kop agteroor en haal diep asem. Hy voel skielik weer die hoendervleis oor sy nek en skouers.

Gavin sit sy gesprek met Karla voort en vertel haar dat hul dogter, Vicky, daardie dag 'n Afrikaanstoeits skryf. Sy het geweier om skool toe te gaan en het aanhoudend gehuil. Hy verduidelik dat haar ma hom oorreed het om vir Vicky te vertel dat die masjiene afgeskakel gaan word. Hy het dit nog altyd uitgestel in die hoop dat dinge weer dieselfde sou wees as wat dit die afgelope paar jaar was. Vicky was kwaad, want die hoop wat sy gehad het dat haar ma sou herstel, is nou weggevat.

Troostend verduidelik hy dat dit weke gaan neem voordat Vicky se 'wond' genees sal word.

Hy sê vir Karla dat hy nie meer vir haar kan wag om uit die hospitaal te kom nie. Hy wou haar nooit seermaak nie. Hy deel haar mee dat hy iemand ontmoet het wat presies soos sy is. Hy sê dat hy vir vyf jaar vir haar gewag het, terwyl hy elke aand gehuil het.

Daar was 'n oomblik van stilte voor Gavin verder praat.

Hy verduidelik verder aan Karla dat hy saam met 'n nuwe vrou is, want sy is net soos sy (Karla) en dat hy gedink het dat sy nie sou omgee as hy op iemand verlief raak wat dieselfde weergawe van haar is nie.

Hy deel met Karla dat haar susters geskok is dat hy saam met die vrou is wat vir Karla raakgery het en die oorsaak is dat sy in hierdie koma is.

Met 'n knop in sy keel herinner hy vir Karla aan hul vakansie 'n paar jaar gelede toe sy swanger was met Vicky, asook die dinge waaraan hy gewoonnd geraak het wat spesiaal vir hulle was.

Gavin gaan haal toe die bruin koevert wat hy op die mantel gesit het. Hy verduidelik aan Karla dat hy die vorige dag die vorm moes teken en vir Vicky moes vertel dat hy haar ma se masjiene gaan laat afskakel. Hy sê vir haar dat dit te duur was om die masjiene aangeskakel te hou en dat die geld intussen opgeraak het. Vicky het hom selfs beskuldig dat hy die geld vir sy troue wou gebruik.

Gavin verduidelik verder vir Karla dat die vrou wat haar vervang het, die dag van die ongeluk ook haar man verloor het. Hy het vir Karla in haar gesien en sê dat dit bestem was dat hulle op mekaar verlief moes raak.

Gavin kyk een laaste keer na die stil figuur op die bed nadat hy opstaan. Hy stap uit en trek die geel deur van die kamer agter hom toe.

2. Titel

Die titel “Geluk in ongeluk” berei die leser voor vir ’n verhaal met ’n kontrasterende toon waar ’n tragiese gebeurtenis ’n onvoorsiene geluk meebring.

3. Boodskap en tema

Die moeilike situasie waarin ’n mens jou somtyds bevind, as jy op ’n kruispad staan en jy lewensveranderende besluite moet maak, is in die verhaal duidelik. Die man moet besluit of hy die liefde van sy lewe se masjiene gaan afskakel.

Die terugblik oor die goeie, liefdevolle ervarings saam, beklemtoon hoe moeilik die besluit vir ’n mens is. Dit was ook vir hom moeilik om sy besluit om die masjiene af te skakel aan sy dogter oor te dra en te verduidelik.

Die innerlike konflik bemoeilik besluite om weer iemand anders lief te kry.

4. Hoe word die verhaal vertel

’n Man bevind homself in ’n moeilike situasie waarin hy ’n lewensveranderende besluit moet maak. Gavin, die man, se gesprek met sy vrou, Karla, word deur die leser ervaar as ’n direkte gesprek wat hom dan ook as ’n **verteller** laat optree. Die rol van die verteller word ook met Gavin se **gesprekvoering** met sy vrou afgewissel.

4.1 Ruimte en Tyd

Die verhaal speel af in die hospitaalkamer waar die man ’n gesprek met sy vrou, wat jare lank nou al in ’n koma in die hoërsorgeenheid is en met die hulp van masjiene aan die lewe bly, voer.

Die nostalgiese herinneringe van hul tye saam en ook die beskrywing van al die dinge wat haar gelukkig maak, beïnvloed die moeilike finale besluit. Die hospitaalkamer is ingerig om ’n gevoel van ’n voorkamer te skep met haar geliefkoosde stoel ook deel daarvan.

Die terugflitse neem ons na ander plekke en gebeure waarvan Gavin en Karla gelukkige tye saam deurgebring het. Die kombuis, in Gavin se huis, is een van die plekke waar hy die slegte nuus van sy besluit aan sy dogter moes oordra.

4.2 Intrige en struktuur

(i) Eksposisie/verwikkeling:	Die geel deur word pertinent aan die leser bekendgestel, omdat dit deel is van die
------------------------------	--

	goeie, wonderlike dinge in hul lewe. Die verteller beskryf die stemming in die huis haarfyn en eers later word dit duidelik dat dit in 'n hospitaalkamer is.
(ii) Motoriese moment	Gavin moet uiters moeilike en wroegende besluite met sy vrou, wat in 'n koma is, deel. Dit word ondersteun met die brief wat hy saam met hom bring.
(iii) Konflik	
<i>Uiterlike Konflik:</i>	Vicky en haar pa het 'n uitval gehad oor die betaling van haar ma se hospitaalrekening.
<i>Innerlike Konflik:</i>	Die innerlike konflik is integraal deel van Gavin se gemoed. Die man moet besluit of hy die liefde van sy lewe se masjiene gaan afskakel. Die innerlike konflik bemoeilik besluite om weer iemand anders lief te kry. Gavin se interne konflik kom al hoe meer na vore namate hy sy dilemma aan sy vrou oordra, onder andere om vir Karla te vertel van die tweede vrou in sy lewe wat hy na die motorongeluk ontmoet het. Die moeilike besluit om die masjiene af te skakel, word aan sy dogter oorgedra om sy besluit te verduidelik. Die terugblik oor die goeie, liefdevolle ervarings saam, beklemtoon hoe moeilik die besluit vir 'n mens is. Hy moet haar vertel dat finansiële redes hom gedwing het om die uiters moeilike besluit te neem om die masjiene af te skakel.
(iv) Klimaks:	Gavin se onthulling dat die persoon wat die ongeluk veroorsaak het nou die nuwe vrou in sy lewe is, skep die verrassingselement. Die anti-klimaks is wanneer Gavin een laaste keer na Karla se stil figuur op die bed kyk, voor hy uitloop en die geel deur agter hom toemaak. Dit wek die besef dat hy haar nie meer gaan sien nie.
(v) Afloop en ontknoping:	Daar is baie dinge wat aan die leser se verbeelding oorgelaat word. Die leser kan aflei dat Gavin met die nuwe vrou, wat hom so baie aan Karla herinner, gaan trou. 'n Mens kan ook verder die afleiding maak dat sy dogter, Vicky, nie gelukkig met die verhouding is nie, juis omdat sy dink dat

	haar pa die finansiële redes as verskoning gebruik om die masjiene af te skakel sodat hy sy troue kan finansier.
--	--

4.3 Karakterisering

4.3.1 Hoofkarakter

Gavin is die hoofkarakter wie se vrou vir vyf jaar nou al in 'n koma is, nadat sy raakgery is. Hy ervaar wroeging oor moeilike besluite wat hom konfronteer en die impak wat dit gaan hê, onder andere:

- Die masjiene wat sy vrou al jare aan die lewe hou moet afgeskakel word.
- Die verhouding met sy hoopvolle tienjarige dogter.
- Sy verrassende en ironiese verhouding met die vrou wat die oorsaak is van die ongeluk waarin Karla ernstig beseer is.

4.3.2 Newekarakters

- Karla wat in 'n koma in die hospitaal lê nadat sy in 'n motorongeluk betrokke was.
- Gavin en Karla se tienjarige dogter, Vicky, wat dit moeilik vind om die verhouding tussen haar pa en die nuwe vrou te aanvaar, omdat sy nog hoop dat haar ma gesond gaan word.
- Candice, Vicky se vriendin by die skool, wat humoristies aan die leser bekendgestel word
- Die vrou met wie Gavin 'n verhouding het, is 'n naamlose karakter, skynbaar om juis haar identiteit te versteek.
- Die 'Mona Lisa' skildery van Leonardo Da Vinci met haar uitdrukkinglose gesig, word simbolies die uitdrukkinglose gesig van Karla wat in 'n koma is.

4.4 Verteller

Die verhaal word uit die oogpunt van 'n **derdepersoonverteller** ('n alwetende verteller) vertel van die moeilike situasie oor 'n man wat 'n lewensveranderende besluit moet maak. Gavin, die man, se gesprek met sy vrou, Karla, word deur die leser ervaar as 'n direkte gesprek wat hom dan ook as 'n verteller laat optree. Die rol van die verteller word ook met Gavin se gesprekvoering met sy vrou afgewissel.

4.5 Styl

Letterlike en figuurlike **woordspeling** word in die titel baie duidelik uitgebeeld in terme van die letterlike (motor)ongeluk, die ongelukkigheid wat daarna volg en die geluk wat later onverwags volg. Ongelukkige gebeure kan soms onverwags 'n goeie uitkoms hê en daarin ook dan 'n dieper figuurlike betekenis van die gebeure meebring.

Ruimte en tyd in die verhaal word in fyn detail deur die verteller met baie **sintuiglike verwysings** beskryf, bv. die geel deur, vars blomme, reuk van arbeie in die kamer, ens.

Die dialoog in die verhaal is eintlik 'n **monoloog** waar die hoofkarakter sy interne konflik oor die moeilike besluite wat hy moet neem, openbaar. Deur die terugflitse beeld dit die agtergrond tot die verhaal uit.

Gavin se gesprek met sy bewustelose vrou verkry simboliese betekenis wat die **kontras** tussen geluk en ongeluk van die storielyn openbaar.

Voorbeelde hiervan is:

- 'Mona Lisa' simboliseer Karla wat uitdrukkingloos lê. 'Mona Lisa' se geheimsinnige glimlag sinspeel ook op Gavin se herinneringe aan 'n gelukkige Karla, toe alles nog normaal was.
- 'n Mens kry die gevoel dat die bewustelose vrou dalk meer kan begryp en verstaan as wat in haar uitdrukkinglose gesig gesien kan word wanneer haar man saggies met haar praat en hy soms met pynlike emosie byna snikkend met haar gesels.
- Die tema van "wonde" – letterlik en figuurlik – in die verhaal word beklemtoon met 'Mona Lisa' se wenkbroue wat ontbreek en dit sluit aan by die verwysing na die dogtertjie, Vicky se skoolmaat, wat haar wenkbroue per ongeluk afgesny het.

Kontraste en ooreenkomste vleg inmekaar in die verhaal:

- Geluk en ongeluk.
- Wat ons sien en weet, teenoor dit wat ons nie sien en weet nie.
- Die merkbare ooreenkomste tussen Karla en die nuwe vrou in Gavin se lewe.
 - Die verskuilde hartseer agter die vrolike geel deur teenoor die geel van die restaurant waar Karla en Gavin 'n gelukkige ete gedeel het.
- Die stoel waarop 'Mona Lisa' sit en Karla se geliefkoosde stoel.

Die ironiese liefdesverhouding van Gavin met die vrou wat die ongeluk veroorsaak het en gegroei het uit beide se smart, sorg vir die verrassingselement in die verhaal.

4.6 Beeldspraak en Stylfigure (figuurlike taal)

- **Kontras** word beklemtoon deur die gebeure in "die geel kamer" en die ander dinge wat tot geluk en ongeluk lei.
- **Ironie:** Gavin raak verlief en gaan selfs trou met die vrou wat 'n sterwende Karla raakgery het.
- **Die metafoor** word gebruik om die diep en intense emosie wat Gavin beleef as hy aan die gelukkige dae met Karla dink, te beskryf, bv.: Hy kry "hoendervleis" oor sy nek en skouers. Karla se glimlag word ook gelyk gestel met "Mona Lisa" se glimlag.

4.7 Toon en stemming

Die verhaal is 'n liefdesverhaal met 'n filosofiese ondertoon. Die wroegings van die hoofkarakter verwek 'n gevoel van empatie by die leser waarby die leser simpatiseer met die intense innerlike worsteling waarmee hy gekonfronteer word.

Die beskrywing van sy nuwe liefdesverhouding skep subtiele ongelukkigheid weens die ironiese ondertoon van die verhouding. Die afsluiting bring finaliteit mee. Die oop einde veroorsaak 'n gevoel van droewigheid en laat die leser met baie onbeantwoorde vrae.

Aktiwiteit 4

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

“Vir vyf jaar het ek vir jou gewag, Karla. Ek het vir jou gewag om vir my te glimlag. Ek het vir jou gevra om in my oor te fluister. Aand ná aand het ek langs jou gesit en wag. Gelê en wag. Gehuil en wag. En toe doen sy dit. Sy het saggies vir my gesê: ‘Dis oukei om my vas te hou en nie te weet wat gaan gebeur nie’.”	5
Daar is vir ’n oomblik stilte in die kamer voor Gavin verder praat.	
“Haar hare is lank, krullerig en rooi. Dit weerkaats die son selfs in sy ondergang. Haar oë is net so vriendelik soos joune. Sy hou daarvan om vir my te glimlag. En my te sien lag. Dis hoekom ek by haar is. Sy is soos jy. En ek het gedink jy sal nie omgee as ek op ’n ander ‘jy’ verlief raak nie.”	10
Hy haal diep asem.	
“Maar ek sien hoe kyk jou susters my. Vir ons. Ek sien hoe praat hulle. Ek glo nie hulle is kwaad omdat ek weer op iemand verlief geraak het nie. Hulle is seker net geskok omdat ek verlief geraak het op haar ... die vrou wat jou raakgery het. Die vrou wat veroorsaak het dat jy in hierdie koma is. Die vrou wat hul suster weggevat het. En ek verstaan hoe hulle voel. Ek ...	15
	20

- 4.1 Wie is die hoofkarakter in die verhaal? (1)
- 4.2 Watter tipe verteller het ons in die verhaal? (1)
- 4.3 Hoe lank is Karla in ’n koma? (1)
- 4.4 “... as ek op ’n ander ‘jy’ verlief raak nie.” (Reël 13)
 - 4.4.1 Wie is die “ander jy” waarvan Gavin praat? (1)
 - 4.4.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 4.4.1. (1)
- 4.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.5) en die antwoord neer.

Die feit dat Gavin verlief is op die nuwe vrou wat sy vrou raakgery het, is ’n voorbeeld van (ironie/spanning). (1)
- 4.6 “Daar is vir ’n oomblik stilte in die kamer voor Gavin verder praat.” (Reël 7–8)
 - 4.6.1 Waarom is daar ’n oomblik van stilte in die kamer voor Gavin verder praat? (1)
 - 4.6.2 Haal ’n ander sin in die leesstuk aan om jou antwoord te ondersteun. (1)
- 4.7 “Maar ek sien hoe kyk jou susters my. Vir ons. Ek sien hoe praat hulle ...” (Reël 15–16)

Dink jy dat Karla se susters regtig nie kwaad is vir Gavin nie. Motiveer deur na TWEE aksies van die susters te verwys. (2)
- 4.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.8) neer.

“Dis hoekom ek by haar is. Sy is soos jy.”

Met hierdie woorde suggereer Gavin dat

- A Die nuwe vrou in sy lewe vir Karla heeltemal moet vervang.
- B Die nuwe vrou in sy lewe het in alle opsigte van Karla verskil.
- C Die nuwe vrou in sy lewe in alle opsigte soos Karla is.
- D Die nuwe vrou in sy lewe vir Karla wil namaak. (1)

4.9 Bespreek Gavin se innerlike konflik wat hy beleef, wat duidelik in sy gesprek met Karla word. (2)

4.10 Verduidelik die kontras in die titel “Geluk in ongeluk”. (1)

4.11 Wat was in die koevert wat Gavin daardie dag na Karla toe gebring het? (1)

4.12 Watter EEN ongelukkige, emosionele ooreenkoms het Gavin en die nuwe vrou in sy lewe? (1)

4.13 Het jy simpatie met Gavin? Motiveer. (1)

TOTAAL: [17]

Moontlike Antwoorde vir Aktiwiteit 4

4.1	Gavin	(1)
4.2	’n Derdepersoonverteler	(1)
4.3	Vyf (5) jaar	(1)
4.4.1	Die nuwe vrou in sy lewe	(1)
4.4.2	Hy bedoel daarmee dat ... • daar so baie ooreenskoms tussen Karla en die nuwe vrou is • dat dit voel asof hy eintlik weer op Karla verlief geraak het. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)
4.5	Ironie	(1)
4.6.1	• Hy ervaar te veel emosie om homself uit te druk. • Sy gemoed skiet vol. • Hy word hartseer. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)
4.6.2	“Hy haal diep asem.”	(1)
4.7	Nee. • Die manier waarop hulle na hulle kyk. • Die manier hoe hulle praat.	(2)
4.8	• C • Die nuwe vrou in sy lewe in alle opsigte soos Karla is. • C Die nuwe vrou in sy lewe in alle opsigte soos Karla is.	(1)

	(Enige EEN)	
4.9	- Gavin moet vir Karla vertel van die tweede vrou in sy lewe wat hy na die motorongeluk ontmoet het. - Hy moet haar vertel dat finansiële redes vir hom dwing om die masjiene af te skakel. (AL TWEE of soortgelyk)	(2)
4.10	'n Tragiese gebeurtenis bring onvoorsiene geluk mee.	(1)
4.11	Dit was die brief wat hy moes teken om die masjiene af te skakel. (Of soortgelyk)	(1)
4.12	Albei het hulle geliefdes verloor. (Of soortgelyk)	(1)
4.13	Ja. Dit help nie om aan te hou wag vir iemand wat uiteindelik gaan sterf nie. (Of soortgelyk) OF Nee. As jy iemand lief het, dan sal jy hoopvol bly dat die persoon sal herstel. (Of soortgelyk)	(1)
	TOTAAL:	[17]

Kortverhaal 5: Opdrag deur Rike Olivier

Agtergrond

Rike Olivier (1946–2007) is gebore Frederike Emilia Martha Antonissen in Antwerp, België. Haar familie het na Suid-Afrika verhuis waar haar pa 'n professor aan Rhodes Universiteit in Grahamstad (tans Makhanda) was. Haar belangstelling in letterkunde is deur haar pa se betrokkenheid daarin gewek. Sy het drie kortverhaalbundels gepubliseer, naamlik *Mens verhale deur vroue oor vroue* (Stories by women for women) (saamgestel deur Corlia Fourie, Kaapstad, 1992), *Lugspieëlins* (Mirages) (saamgestel deur Mycelie Pienaar, Randburg, 1994) and *Lyfspel/Body Play* (saamgestel deur Rachelle Greeff, Pretoria, 1994). Sy het ook Duitse letterkunde in Afrikaans vertaal.

1. Opsomming

Die onderwyseres, vir wie die leerders Jordaantjie noem, het vir hulle 'n lys van titels gegee wat hulle moet lees ter voorbereiding van die mondeling. Hulle moet ten minste agt titels kies en 'n leesverslag/resensie daaroor skryf. Sy noem dat die opdrag tweedoeilig is. Hulle lees die boeke en skryf 'n leesverslag daaroor. Die OPDRAG is die leeswerk en voorbereiding vir die mondeling.

Volgens Sarah is Jordaantjie beter as hulle vorige jaar se onderwyser, Vermaak. Sy is nie “boring” nie, sy sê dat die leerders fyn met die taal moet werk. Dit is die Afrikaansklas waarna hier verwys word.

Een van die boeke se titel is *'n Pot vol winter* deur Maretha Maartens. Sarah is in hierdie boek geïnteresseerd, omdat dit oor tienerseks gaan. Die rede waarom sy hierin belang stel, is omdat sy in Gerrie belang stel. Sy noem dat iets tussen haar en Gerrie groei. Sy en Gerrie het al gesoen.

Sy beskryf Gerrie se voorkoms soos volg: “die sagte oë, die sterk skouers, sy manier van loop.” “Gerrie met die blonde kuif en die versigtige hande.” Hierdie beskrywing van Gerrie dui daarop dat sy alreeds op Gerrie verlief is.

Ons kom agter dat sy en Gerrie ná skool saam is. Die skrywer sê Gerrie is “tasbaar aanwesig”: “Gerrie in sy rugbyklere of saam met haar aan't oefen vir *Romeo and Juliet*.” Dit wil sê Sarah en Gerrie is gedurig in mekaar se geselskap. Sy gaan kyk hoe Gerrie rugby speel en hulle oefen saam om in 'n dramastuk op te tree.

Sarah lees die boek, *'n Pot vol winter* van Maretha Maartens, maak aantekeninge en wonder oor sekere kwessies in die boek. Sy wonder wat eerste in die karakters se lewens verskyn het. Was dit die spanning tussen man en vrou en toe die “ander vrou” of was dit die “ander vrou” wat die spanning in die huwelik veroorsaak het. Sy voel dat die vrou baie passief is, omdat sy nie teenoor haar ontroue man optree nie.

Sy dink dat haar ma haar pa se tasse self sou gepak het en hom weggejaag het as hy

ontrou sou wees. Hulle verhouding is egter gesond.

Sarah en haar ouers het 'n goeie verhouding. Hulle kan oor baie dinge gesels, maar nie oor Gerrie nie. Sy dink dat haar ma nog nooit so oor 'n seun gevoel het nie; en haar pa hou nie van popmusiek en partytjies nie.

Sarah maak aantekeninge terwyl sy verder aan 'n *Pot vol winter* lees. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die boek 'n goeie vertrekpunt vir besprekings is. Dit stel 'n belangrike probleem, naamlik seks, maar is té eensydig om die jeug se kwellings oor die onderwerp aan te spreek.

Sarah besluit om die kladboek waarin sy die opsomming aangeteken het, te hou. Sy kan dalk eendag 'n boek daaroor skryf.

2. Titel

Die titel is "Opdrag". Die Afrikaans taalonderwyser gee aan die leerders die opdrag om 'n boek te lees en 'n leesverslag/resensie daaroor te skryf ter voorbereiding vir 'n mondeling. Sarah kies 'n *Pot vol winter*, maar is nie tevrede met hoe die onderwerp oor seks in die boek aangespreek word nie.

3. Boodskap en tema

Die boodskap van die kortverhaal is dat tieners meer oor seks te wete wil kom, maar dit moet nie eensydig wees nie. Dit moenie net die morele waarde aanspreek nie, maar meer as dit.

4. Hoe word die verhaal vertel

4.1 Ruimte en Tyd

Die verhaal speel in een dag (aand) af. Sarah is besig om 'n *Pot vol winter* op te som ter voorbereiding van mondeling. Haar gedagtes is deurmekaar, want sy probeer om die onderwerp – seks – te verstaan.

Sy bring die onderwerp in verband met drie sake: die boek wat sy opsom; met *Romeo and Juliet* wat sy en Gerrie sal opvoer; en met haar en Gerrie se verhouding.

4.2 Intrige en struktuur

(i) Eksposisie/verwikkeling:	Die leser maak kennis met Sarah wat deur die lys Afrikaanse boekeitels lees om 'n boek vir haar mondeling te kies.
(ii) Motoriese moment	Sarah kies 'n <i>Pot vol winter</i> omdat die onderwerp oor seks haar interesseer.
(iii) Konflik	
Uiterlike Konflik:	Daar vind nie duidelike uiterlike konflik in die kortverhaal plaas nie, behalwe verwysings na gebeure in die boek, 'n <i>Pot vol winter</i> – die leeswerkopdrag en voorbereiding vir 'n mondeling.
Innerlike Konflik:	• Sarah het vrae oor die taboe onderwerp, tienerseks. • Sarah kan ook nie met ouers oor haar verhouding met Gerrie gesels nie. • Sarah wonder of sy en Gerrie hulle verhouding verder moet vat. • Sarah se worsteling oor óf sy met Gerrie seks moet hê óf nie, word só beskryf dat die worsteling en huiwering duidelik gesien kan word.
(iv) Klimaks:	Sou sy hulle verhouding verbreek, sal sy nie weet wat om te maak met “hierdie verskriklike lief wees vir jou as ek my nie kan commit nie?”
(v) Afloop en ontknoping:	Sou Sarah hulle verhouding verbreek, sal sy as rede aanvoer dat sy bang is “vir die breek van iets wat heel moes gebly het, want ek kan nie met my lyf vir jou lief wees net vir jou nie.” Sarah se aanbeveling nadat sy 'n <i>Pot vol winter</i> gelees en rofweg haar leesverslag/resensie voltooi het, is dat die boek vir die biblioteek aangekoop kan word om as vertrekpunt by besprekings te dien.

4.3 Karakterisering

4.3.1 Hoofkarakters

Sarah is die hoofkarakter in die kortverhaal.

In die kortverhaal is dit duidelik dat Sarah van lees hou. Haar ma het haar al uitgevang dat sy lees, terwyl sy vir 'n wiskundetoets moes leer. Dit sal nie vir haar moeilik wees om al die titels te lees nie. Sy is geïnteresseerd in seks as onderwerp en daarom kies sy 'n *Pot vol winter*.



shutterstock.com · 2022594797

Sarah en Gerrie

4.3.2 Newekarakters

- Gerrie is Sarah se vriend. Hulle het 'n verhouding. Sarah beskryf Gerrie se voorkoms soos volg: “die sagte oë, die sterk skouers, sy manier van loop” en “die versigtige hande.”
- Sarah se ma. Sy is streng, want sy monitor of Sarah haar huiswerk doen.
- Jordantjie is die huidige Afrikaanse vakonderwyseres. Sy is streng, want sy beveel die leerders aan: “Julle sal 'n slag julle koppe moet gebruik, moet krities wees, as julle intelligent kommentaar wil lewer.” Volgens Sarah is die onderwyseres nie vervelig nie, want sy gee nie vir hulle “*boring* goed” nie.
- Ou Vermaak is die vorige onderwyser wat vervelige goed vir hulle gegee het om te doen.
- Tant Betta en oom Joos is Sarah se tante en oom. Hulle het positief van Sarah se ouers se verhouding gepraat.

4.4 Verteller

Die verhaal word deur 'n **derdepersoonsverteller** vertel. Die verhaal begin waar Sarah na haar huiswerkopdrag kyk en die verteller verwys na “haar”. Die verteller vertel vir ons wat Sarah dink en doen. Die verteller vertel van Sarah se belangstelling in seks as onderwerp, omdat sy 'n verhouding met Gerrie het en wonder of hulle die verhouding verder kan laat ontwikkel.

Die bedoeling van die derdepersoonsvertelling is om te help om gefokus te bly op feite en bewyse en nie op persoonlike opinies nie. Die verteller bly objektief wanneer hy die verhaal vertel.

4.5 Styl

Die skrywer van die kortverhaal gebruik eenvoudige sinne en woorde, selfs Engelse woorde, soos “*boring*” (bl. 90), “*affaire*” (bl. 91), “*physical attraction*”, “*of course*” (bl. 91). Sarah gebruik selfs die woord “liefde” om samestellings te maak, byvoorbeeld “*liefde-maak*”, “*liefde-bedryf*”, “*liefde-beantwoord*” (bl. 93). Dit alles dui op die taal (vermenging van Afrikaans en Engels ingesluit) wat die jeug gebruik om hulle uit te druk.

Sarah se worsteling oor of sy met Gerrie seks moet hê of nie, word so geskryf dat die worsteling en huiwering duidelik gesien kan word. Selfs die woord seks, wat taboe in die familie is, word nie genoem nie. Byvoorbeeld, as “DIT” gebeur, weet sy, sal dit nie wees omdat sy “eensaam”, of “verward” of “hartseer” (of “onrein”!) is nie, maar *omdat dit 'n soort voltooiing van iets sal wees wat sy met haar hele hart en siel – en lyf – wil hê*. Soos hy, soos Gerrie ook, vermoed sy.” (Bl. 93)

4.6 Beeldspraak en stylfigure (figuurlike taal)

Die kortverhaal is nie ryk aan beeldspraak nie. Ons vind egter **idiome** en **uitdrukkings**.

- Die onderwyseres, Jordaanjie, gebruik die idioom “n klompie vlieë met een klap” (bl. 90). Dit beteken om twee take gelyk te voltooi. Wanneer die leerders hulle boek lees, sal hulle somer skryf ook. Hulle moet die leesverslag vir mondeling voltooi.
- “Julle sal ’n slag julle koppe moet gebruik” (bl. 90). Dit beteken dat die leerders sal moet dink.
- “... die leisels vashou” (bl. 90) beteken om in beheer te wees. Hierdeur wil die onderwyser net sê dat die kinders aandagtig moet lees, opsom en mooi dink wat hulle skryf.
- “duiwel-se-advokaat speel” (bl. 91) beteken dat jy nie werklik die standpunt of wat gesê word, ondersteun nie, jy noem dit net ter wille van die bespreking. Sarah se pa hou daarvan om ’n geselskap te skep deur iets te sê wat debat aan tafel laat begin.

4.7 Toon en stemming

Die toon in die kortverhaal wek by die leser die bewustheid dat tieners meer oor seks as net die taboe daarvan moet weet. Dit maak die ouer leser bang wanneer hy/sy sou besef hoe min tieners werklik van seks weet. Vir die jong leser sal die bevestiging kom dat hulle nie regtig die onderwerp verstaan nie.

Aktiwiteit 5

Kontekstuele Vrae

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Kan jy jou lyf dan losmaak van die res van jou? Dis góed om vas te hou en gehou te word as jy van iemand hou, om te streel en gestreel te word – ’n hand op jou wang of vingers deur jou hare, ’n arm om jou skouer, ’n drukkie wat sê jy’s <i>special</i> . Daarmee mag sy haar gevoelens wys vir Ma en Pa, vir Ouma, vir die bure se nuwe babatjie, haar beste maat, selfs vir haar kat, vir almal, net vir Gerrie nie?	5
Ontken wil sy nie meer nie, die steeds dringender voorstellings wat sy – en hy? – vir haarself oor hulle maak: ... styf teen mekaar lê hulle êrens aan die einde van die jaar in die bondel op die strand se warm sand rondom die braaivuur sy oé skitter ...	10
... loom kuier hulle onder ’n boom bo by die berghut na die dag se stap – net hulle hande raak (voorlopig) ...	
... lui dryf hulle in die rotspoel sirkels om mekaar tot sy gladde lyf driftig wegduik en sy stem verlore raak onder die waterval aan die ander kant ...	15
Dis teen haarself, nie teen Gerrie nie, wat sy moet baklei. *	
... grys as sy sien hoe laat dit is. Die hele ding moet nog oorgeskryf word en daar’s nog haar ander huiswerk ook.	20

- 5.1 Wie is die hoofkarakter in hierdie kortverhaal? (1)
- 5.2 “Daarmee mag sy haar gevoelens wys vir Ma en Pa, vir Ouma, vir die bure se nuwe babatjie, haar beste maat, selfs vir haar kat, vir almal, **net vir Gerrie nie?**” (Reëls 5–7)
- 5.2.1 Wie is Gerrie waarvan daar in die uittreksel gepraat word? (1)
- 5.2.2 Beskryf Gerrie se voorkoms met TWEE voorbeelde. (2)
- 5.2.3 Watter emosie, dink jy, ervaar die hoofkarakter? Motiveer jou antwoord. (2)
- 5.3 Waarom dink jy gebruik die skrywer die woord “*special*”? (Reël 4) (1)
- 5.4 “Ontken wil sy nie meer nie, die steeds dringender voorstellings wat sy – en hy? – vir haarself oor hulle maak ...” (Reëls 8–9)
- 5.4.1 Hierdie aanhaling raak die vraagstuk rondom die taboe-onderwerp aan. Waarom dink jy is dit ’n taboe-onderwerp in die hoofkarakter se huis? (1)
- 5.4.2 Sal die onderwerp oor seks ook eendag, as jy ’n ouer is, ’n taboe-onderwerp in jou huis wees?

- Motiveer jou antwoord. (1)
- 5.5 “wat sy – en hy?” (Reël 10)
Waarom sou daar ’n vraagteken na “hy” verskyn? (1)
- 5.6 “Ontken wil sy nie meer nie, die steeds dringender voorstellings wat sy – en hy? – vir haarself oor hulle maak: ... styf teen mekaar lê hulle êrens aan die einde van die jaar ...”
- 5.6.1 “styf teen mekaar lê hulle êrens aan die einde van die jaar”
Watter EEN woord in die aanhaling dui aan dat dit net ’n wens van die hoofkarakter is? (1)
- 5.6.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.
Wanneer die hoofkarakter aan die bostaande sin dink, dink sy aan die vakansie saam met haar (familie/kêrel) aan die einde van die jaar. (1)
- 5.7 “Dis teen haarself, nie teen Gerrie nie, wat sy moet baklei.” (Reël 18)
Waarom moet die hoofkarakter teen haarself baklei? (1)
- 5.8 “Die hele ding moet nog oorgeskryf word.” (Reël 19–20)
Wat is die “ding” waarna hier verwys word? (1)
- 5.9 Waarom het die hoofkarakter die huiswerk wat sy nog moet oorskryf, eerste gedoen? (1)
- 5.10 Hoe sluit die titel by die inhoud van die kortverhaal aan? (2)
- 5.11 Dink jy dat die hoofkarakter se ouers tevrede sal wees as hulle moet hoor dat sy in ’n verhouding is? Gee EEN rede vir jou antwoord. (1)
- TOTAAL:** [18]

Moontlike Antwoorde vir Aktiwiteit 5

5.1	Sarah	(1)
5.2.1	(Gerrie is) Sarah se kys/kêrel	(1)
5.2.2	Gerrie het ... • sagte oë • sterk skouers • versigtige hande <i>(Enige TWEE)</i>	(1) (1)
5.2.3	EMOSIE: • woede(nd) • magteloos(heid) • ongelukkig(heid) • ontevrede(nheid) MOTIVERING:	(1)

	• omdat sy nie aan Gerrie kan vertel hoe sy oor hom voel nie.	(1)
5.3	• Dit is soos vandag se tieners praat. • Tieners meng Afrikaans en Engels wanneer hulle praat. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)
5.4.1	• Grootmense is skaam om oor seks te praat. • Dit is 'n sensitiewe onderwerp. • Mense wil nie in die verleentheid beland oor moontlike vrae wat hulle gevra kan word nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)
5.4.2	Nee. • Sodra iemand 'n vraag oor 'n onderwerp vra, is hy/sy gereed vir die antwoord. • Leerders leer omtrent die onderwerp op skool. <i>(Enige EEN)</i> OF Ja. • Die ma sal hierdie onderwerp aan haar dogter moet verduidelik. (Indien die leerder 'n dogter is) • Die pa sal hierdie onderwerp aan sy seun moet verduidelik. (Indien die leerder 'n seun is) • Ek sal liever vir die kind "Ken die tiener" koop om te lees. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)
5.5	• Die hoofkarakter twyfel of Gerrie dieselfde voel. • Sarah wonder of Gerrie dieselfde oor haar voel, soos wat sy oor hom voel. • Sarah is nie seker oor sy gevoel teenoor haar nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)
5.6.1	voorstellings	(1)
5.6.2	kêrel	(1)
5.7	Dit word vir haar al hoe moeiliker om ... • haarself te beheer. • nie haar ware gevoelens vir Gerrie te wys nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)
5.8	(die) leesverslag	(1)
5.9	• omdat sy lief is vir lees • omdat juffrou Jordaan/Jordaantjie hulle aangemoedig het om onmiddellik aan hulle opdrag te begin werk. <i>(Enige EEN)</i>	(1)
5.10	• Die titel is "Opdrag" wat taak beteken: Juffrou Jordaantjie het aan die leerders 'n taak (leesverslag) gegee om te voltooi. • Die opdrag wat die leerders gekry het, ontketen (by die hoofkarakter) die raaisel oor seks as onderwerp.	(2)

	(Enige EEN)	
5.11	Nee. Die ouers ... • sou graag wou hê dat sy eers haar skoolloopbaan moet voltooi. • sou dink dat die hoofkarakter nog te jonk is. (Enige EEN of soortgelyk) OF Ja. Die ouers sal bly wees as sy 'n maat van dieselfde ouderdom het, om mee ... • uit te gaan. • te studeer. • gesellighede by te woon. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
	TOTAAL:	[18]

Kortverhaal 6: *Kom ons stuur vir Tasu* deur Maretha Maartens

Agtergrond

Maretha Maartens (1945–) is 'n Suid-Afrikaanse skrywer. Sy lewer werke in verskeie genres, insluitende drama; prosa vir kinders, jeug en volwassenes; biografieë; Bybeldagboeke en ander godsdienstige publikasies. Sy verwerf veral bekendheid met haar kinder- en jeugverhale en verower verskeie pryse in hierdie genre, onder meer: die M.E.R.-prys, die Sanlamprys, Goud vir Jeuglektuur, die Credo-prys, die HAUM-De Jager-prys en die J.P. van der Walt-prys. Sy is ook bekend vir die groot aantal geestelike en didaktiese boeke wat sy tot op hede gepubliseer het.

1. Opsomming

Tasu en sy ouers woon in Griekwastad. Hy maak tierogies (steentjies) bymekaar, slyp dit en gooi dit in die klein brandewynbotteltjies wat oom Pypies weggooi. Sy wens is om eenhonderd brandewynbotteltjies vol tierogies voor sy veertiende verjaarsdag te versamel. Hy het al sewe-en- vyftig botteltjies vol. Sy planne verander egter toe sy ma hom meedeel dat sy ouma op Perdeberg siek is en kruise medisyne nodig het.

Sy suster, Evelina, stel voor dat hulle vir Tasu stuur. Sy sal saam met hom gaan. Ma keur dit nie goed dat Evelina gaan nie, maar Tasu kan wel ouma se kruise medisyne met oom Jollyman se taxi na haar toe neem.

Ma noem dat sy nie genoeg geld het om vir Tasu met oom Jollyman se taxi te stuur nie. Tasu bied aan om sy tierogies te verkoop om geld vir die taxi te kry, aangesien Ma nie kans sien om geld te leen nie.

2. Titel

Die titel, “Kom ons stuur vir Tasu”, is Tasu se suster, Evelina, se woorde. Dit was die voorstel wat sy gemaak het omdat haar pa en broer nie in staat was om vir sy ouma kruise medisyne te neem nie.

3. Boodskap en tema

Die **boodskap** kan soos volg interpreteer word:

- Besweer jou vrese.
- Moenie dat vrese jou van jou lewenservaring beroof nie.
- Gee sonder om vergoeding te verwag.
- Laat liefde oorwin.
- Maak jou drome waar.
- Wees onvoorwaardelik gehoorsaam.

Die **tema** is:

- Medemenslikheid
- Liefde is sterker as vrees.
- Wees gewillig.

4. Hoe word die verhaal vertel

4.1 Ruimte en Tyd

Die verhaal speel hoofsaaklik in Griekwastad af. Tasu, die hoofkarakter, onderneem 'n reis vanaf Griekwastad, verby Kimberley na Perdeberg.

Die verhaal speel binne 'n paar dae af. Die tyd verloop soos volg:

- (a) Die dag toe Tasu tierogies geslyp het en gaan hoor het waarom Ma huil.
- (b) Daarna het Ma-hulle se gesprek oor die medisyne wat na ouma in Perdeberg moet gaan, gevolg.
- (c) Daarna het Tasu sewentien botteltjies tierogies verkoop om vir die taxi te betaal.
- (d) Toe breek die Vrydag aan, waarop hy met oom Jollyman se taxi na Perdeberg moet gaan.
- (e) Tasu sit daarna in die taxi en kry 'n angsaanval.
- (f) Aan die einde van die verhaal is Tasu verlos van sy vrees en is op pad na sy ouma se huis.



shutterstock.com • 1434751565

4.2 Intrige en struktuur

Tasu maak tieroë bymekaar in brandewynbotteltjies. Hy wil graag 100 botteltjies voor hy veertien jaar oud is, volmaak. Sy ouma is siek en daar is probleme om medisyne na haar (vanaf Griekwastad na Perdeberg) te neem. Tasu verkoop 17 van sy 57 botteltjies teen R4 elk vir vervoergeld na sy ouma. Hy vertrek die Vrydagmiddag met oom Jollyman se taxi. In die taxi kry hy 'n angsaanval. Hy kalmeer homself en kom sy vrees vir mense (in die taxi) te bowe.

Die vrees het ontstaan toe hy op vyfjarige ouderdom in 'n minibusongeluk betrokke was.

Oom Jollyman laai hom by Perdebergstasie af en belowe om hom Sondag daar op te laai.

Tasu is op pad na sy ouma se huis. Hy is nou 'n bevryde man.

(i) Eksposisie/verwikkeling:	Die verhaal begin waar die verteller vertel waar Tasu sy brandewynbotteltjies vandaan kry en hoe hy daarvoor voel.
(ii) Motoriese moment	Evelina sê dat sy en Tasu die kruiemedisyne na haar ouma kan neem.
(iii) Konflik	
<i>Uiterlike Konflik:</i>	Tussen Tasu en Sterkman. Sterkman skel heelyd vir Tasu, terwyl hy sy slypsteen gebruik. Tussen Tasu en Evelina, maar dit is meer 'n tergergery as iets anders. Evelina spot dat die mense dink dat Tasu nege en nie dertien jaar oud is nie, omdat hy nog nie gegroei het nie en 'n meisiestem het.
<i>Innerlike Konflik:</i>	Ma ervaar innerlike konflik en huil omdat sy magteloos is en nie weet hoe om die kruiemedisyne by haar ma uit te kry nie. Tasu ervaar innerlike konflik omdat hy nie sy tieroë wil prysgee nie, want hy het hard daarvoor gewerk. Tasu ervaar innerlike konflik, omdat dit vir hom voel of hy sy tere en nie die tieroogklippe verkoop het nie. Tasu ervaar innerlike konflik, toe hy in die taxi sit. Hy voel dat hy versmoor oor die baie mense in die taxi. Hy bedaar egter toe hy 'n turksvy eet en sy vrese oorwin.
(iv) Klimaks:	In die taxi ervaar Tasu 'n angsaanval. Hy dink dat hy gaan versmoor oor die baie mense in die taxi.
(v) Afloop en ontknoping:	Een van die vroue in die taxi bied vir Tasu

	turksvye aan. Terwyl hy 'n turksvye eet, troos hy homself en kom sy vrees te bowe.
---	---

4.3 Karakterisering

4.3.1 Hoofkarakter(s)

Tasu is die hoofkarakter in die kortverhaal.

Tasu is een van drie kinders. Sy ma, pa en ouma lewe nog. Hy is dertien jaar oud. Hy maak tierogies bymekaar. Hy grawe al van sy negende jaar tierogies uit die grond en slyp dit met sy broer se slypsteen. Hy beoog om voor sy veertiende verjaarsdag eenhonderd brandewynbotteltjies vol tierogies te versamel. Hy woon en gaan in Griekwastad skool. Sy stem het nog nie gebreek nie. Volgens Evelina praat hy nog soos 'n meisie.



Tasu

Tasu is ...

- **'n planmaker:** Hy stel voor dat hulle iets verkoop om geld bymekaar te maak, of sy ma kan geld leen sodat hulle vervoergeld kan hê.
- **Gehoorsaam:** ten spyte van sy vrees vir taxi's, gaan hy na sy ouma toe.
- **Behulpzaam:** hy laat vaar sy droom om honderd brandewynbotteltjies tierogies bymekaar te maak en verkoop veertien daarvan om sy ma te help.
- **liefdevol/n kind wat omgee** – hy verkoop sy tierogies om vervoergeld te kry sodat hy vir sy ouma kruiemedisyne kan neem.

Ontwikkeling vind in Tasu plaas. Hy was eers die bang kind. Aan die einde van die kortverhaal sien hy homself as "n man wat eindelijk gekies het om die lewe soos 'n ryp turksvye te eet." Hy het dus sy vrees vir openbare vervoer oorwin.

4.3.2 Newekarakter(s)

Die newekarakters is Tasu se ma, sy pa, sy broer, suster en sy ouma.

Tasu se ma is ...

- baie **emosioneel**, want sy huil oor alles (oor miet in die mieliemeel, oor die sprinkane wat die mieliplantjies opvreet, oor die kinders te vinnig groei, ens.).
- **spaarsamig**, want sy sê dat dit te veel geld kos om vir Tasu én Evelina na hulle ouma se huis te stuur.
- **sorgsaam**, want sy sien nie kans om die hoenders se eiers te verkoop vir taxi-geld en om haar kinders honger te laat ly nie.
- 'n **trotse vrou**, want sy leen nie by ander mense geld nie.

Tasu se pa se karaktereienskappe kom nie sterk na vore nie. Daar word egter vermeld dat hy 'n motor besit met remme wat onklaar is. Die motor se bande is ook heeltemal afgeloop.

Sterkman is Tasu se broer. Hy is in matriek. Hy het vir Tasu gewys waar om tierogies uit te grawe. Hy laat vir Tasu onder sy toesig toe om die tierogies met sy slypsteen te slyp. Sterkman is baie **kwaai**, want hy raas met Tasu as hy nie die slypsteen reg gebruik nie. Die

leser kan dus aflei dat Sterkman 'n **perfeksionis** en 'n **ongeduldige** persoon is.



Evelina is Tasu se suster. Volgens hulle ma, het Evelina nie verstand nie. Dit is egter ironies, want dit is juis Evelina wat voorstel dat Tasu en sy die kruiemedisyne na hulle ouma moet neem. Dit dui aan dat Evelina **intelligent** is. Evelina is 'n **terggees**, want sy terg vir Tasu oor sy lengte en sy stem.

4.4 Verteller

Die verhaal word deur 'n **derdepersoonsverteller** vertel. Die verhaal begin waar die verteller te kenne gee waar Tasu sy brandewynbotteltjies vandaan kry. Die woorde “hy” en “sy” word in die kortverhaal deur die verteller gebruik.

Die bedoeling van die derdepersoonsvertelling is om te help om gefokus te bly op feite en bewyse en nie op persoonlike opinies nie. Die verteller bly objektief wanneer hy die verhaal vertel.

4.5 Styl

Die skrywer van die kortverhaal gebruik eenvoudige sinne en woorde met ryk beeldspraak (personifikasie en metafoor) om die verhaal maklik leesbaar en verstaanbaar te maak. Die beeldspraak is ook 'n goeie manier om die tieroogklip en die omgewing waarin die verhaal afspeel, te beskryf.

Die stylfiguur (**hiperbool**) help ook om by te dra om sekere aspekte in die kortverhaal te beklemtoon en na die klimaks te lei.

4.6 Beeldspraak en stylfigure (figuurlike taal)

Die skrywer maak gebruik van beeldspraak en stylfigure om betekenis beeldend oor te dra.

Die tieroogklip word op bladsy 107 in **personifikasie** beskryf as “Die **tieroogklippe kruip weg**” en “... sodat die gloeiende, streperige **tieroë** uit die klippe **kan begin loer**.” “Tasu kry hoendervleis toe die geel-en-bruin **gestreepte oog** uit die nat klip **vir hom begin kyk**.”

Hier word mooi beskryf hoe moeilik dit is om die tieroogklippe in die grond te vind en hoe die tieroogklip lyk nadat dit geslyp is.

Op bladsy 107 en 108 word die **metafoor** aangewend om die tieroogklip as 'n dier voor te stel: “Voor sy veertiende verjaarsdag wil Tasu eenhonderd brandewynbotteltjies vol **tieroë** hê”.



“Daar is nie ’n kind in Griekwastad se skool wat soveel **tieroë** het nie”

“Daar’s ’n yslike **tier** in die klip.” “Daar bly **tiere** diep in hierdie klippe.” “Ek gaan nie aan my botteltjies **tieroë** dink nie.” “Ek het gesweet en gebárs om daardie **oë** uit die klippe te haal.” “Ek het baie botteltjies vol “**tieroë**”, “**Tieroë**, **tieroë**”, “kyk hoe die **kwaai tiere** se kwaai oë al blinker en blinker word.” Hierdie beskrywings beeld die liefde wat Tasu vir die tieroogklip het, uit.



Op bladsy 109 word beskryf wat Tasu ervaar wanneer hy in die taxi sit: “Hy is vasgekeer tussen **koppe** en **skouers** en **bene** en bondels.” Verder: “**die asems** en die bondels druk al die lug uit my lyf” en “vandag is daar te veel **koppe** en **lywe** om hom”. “Hy sit in ’n oerwoud van **asems** en **reuke**, **ledemate** en **koppe** voorgekeer.”

“Die **asems** en **monde**, die **stemme** en **reuke**, die bondels en die sak mieliemeel gaan my pap druk.” Met hierdie beskrywing kan die leser byna ook Tasu se situasie beleef. Hy is op die randjie van ’n angsaanval.

Op bladsy 109 word **spanning** geskep wanneer die voegwoord herhaal word om die genoemde sake te beklemtoon en daardeur word spanning verhoog. “Hy (Tasu) is vasgekeer tussen koppe **en** skouers **en** bene **en** bondels.”

“Hy sit in ’n oerwoud van asems **en** reuke, ledemate **en** koppe voorgekeer.” “Die asems **en** monde, die stemme **en** reuke, die bondels **en** die sak mieliemeel gaan my pap druk.”

Hiperbool/oordrywing word ook gebruik om uit te beeld hoe Tasu sy angsaanval in die taxi ervaar. Op bladsy 110 word die taxi ’n “oerwoud”, met ander woorde die taxi word vir Tasu ’n digte woud, omdat daar so baie mense en goed om hom is. Hy voel omsingel en versmoor deur die mense en hulle bagasie in die taxi.

4.7 Toon en stemming

Die verhaal word so vertel dat die leser met die hoofkarakter, Tasu, simpatiseer. Eers is dit aangenaam om te lees dat ’n jong seun ’n stokperdjie begin waar hy tieroogklippe slyp en homself ten doel stel om voor sy veertiende verjaarsdag eenhonderd brandewynbotteltjies vol geslypte tieroogklippies te hê.

Die leser word later bewus dat Tasu ook ’n seer kant het. Hy word paniekbevange wanneer hy van openbare vervoer gebruik moet maak, as gevolg van ’n ongeluk waarin hy op vyfjarige ouderdom betrokke was.

Simpatie verander later in bewondering vir Tasu as die leser ontdek dat hy sy vrees te bowe kom deur sy positiewe denke.

Aktiwiteit 6

Kontekstuele Vrae

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

“Voor sy veertiende verjaardag wil Tasu eenhonderd brandewynbotteltjies vol tieroë hê. Daar is nie ’n kind in Griekwastad se skool wat soveel tieroë het nie. Vandag slyp Tasu ’n groot klip. Daar’s ’n yslike tier in die klip: Tasu kry hoendervleis toe die geel-en-bruin gestreepte oog uit die nat klip vir hom begin kyk.” 5

“Wat van Sterkman?” ...

“Kom ons stuur vir Tasu en vir my, ...” “Ma kan ons met oom Jollyman se taxi stuur, Ma!” 10

Ma tel haar kop skielik op.

“Vir jǒu stuur ek nie saam nie, Evelina,” sê sy. “Jy het nog nie verstand nie. Maar Tasu ... hoekom nie?” Dan word haar gesig weer treurig. “Dit kos te veel geld,” sê sy. “Oom Jollyman vra vyf-en-twintig rand tot in Kimberley en dan moet Tasu nog verder ry, tot by Perdeberg, en terug. Dit gaan niks minder as sestig, sewentig rand kos nie. Buitendien: Tasu was nog nooit alleen weg nie.” 15

“Ek is byna véertien, Ma!” sê Tasu.

“Almal dink jy’s nege,” sê Evelina snipperig. “Oor jy nie gegroei het nie. En oor jy nog soos ’n meisie praat.” 20

“Sal Ma ... sestig rand kan bymekaarskraap?” vra Tasu.

“Daarvan kan ek vergeet,” sê Ma.

“Kan ons nie sestig rand iewers leen nie?” vra Tasu.

Ma se kop ruk. “Ek leen by niemand geld nie,” sê sy.

- 6.1 Wie is die hoofkarakter(s) in die verhaal? (1)
- 6.2 Watter edelsteen is kenmerkend aan Griekwastad? (1)
- 6.3 “**Daar’s ’n** yslike **tier** in die klip ...” (Reël 4)
Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Hierdie soort beeldspraak word ’n (metafoor/vergelyking) genoem. (1)
- 6.4 Gee TWEE opeenvolgende woorde wat vir ons sê dat Tasu opgewonde is in wat hy doen? (1)
- 6.5 “Kom ons stuur vir Tasu ...” (Reël 8)
6.5.1 Wie het hierdie woorde gespreek? (1)
6.5.2 Plaas die woorde in die regte konteks. (1)
- 6.6 “... Kom ons stuur vir Tasu en vir my...” “Jy het nog nie verstand nie. Maar Tasu ... hoekom nie?” (Reël 8, 11–12)
6.6.1 Waarheen moes Tasu gaan? (1)
6.6.2 Wat moes Tasu daar gaan maak? (1)
6.6.3 Waarom is dit ironies as Ma sê dat Evelina **nog nie** verstand het nie? (1)

- 6.7 “Buitendien: Tasu was nog nooit alleen weg nie.” (Reël 16–17)
Tasu is alleen met die taxi na Perdeberg. Het jy simpatie met Tasu? Verskaf EEN rede vir jou antwoord. (1)
- 6.8 Sou jy vir Tasu alleen na Perdeberg gestuur het? Motiveer jou antwoord? (1)
- 6.9 Tasu is ’n rolmodel in die kortverhaal.
Kies die eienskappe in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers 6.9(a) tot 6.9(d) neer. (4)

KOLOM A	KOLOM B
(a) Tasu stel voor dat hulle iets verkoop om geld bymekaar te maak.	A planmaker B entrepreneur
(b) Tasu gaan Perdeberg toe.	C liefdevol
(c) Tasu verkoop veertien van sy brandewynbotteljies tierogies.	D gehoorsaam
(d) Tasu tree in belang van sy familie op.	E vredemaker

- 6.10 “Kan ons nie sestig rand iewers leen nie? vra Tasu. Ma se kop ruk. “Ek leen by niemand geld nie,” sê sy. (Reël 23–24)
Dink jy Ma se optrede is oortuigend wanneer sy sê dat sy by niemand geld leen nie? (1)
- 6.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.11) neer.
Moenie dat vrese jou van jou ... beroof nie.
A taxi-rit
B tieroogklippe
C lewenservaring
D ouma se kruiemedisyn (1)
- TOTAAL:** [17]

Moontlike Antwoorde vir Aktiwiteit 6

6.1	Tasu	(1)
6.2	• tieroogklippe • tieroogstene <i>(Enige EEN)</i>	(1)

6.3	metafoor	(1)
6.4	“kry hoendervleis”	(1)
6.5.1	- Tasu se suster - Evelina <i>(Enige EEN)</i>	(1)
6.5.2	Evelina het voorgestel dat Tasu en sy na hulle ouma in Perdeberg gestuur moet word.	(1)
6.6.1	- Perdeberg (toe) - na sy ouma (toe) <i>(Enige EEN)</i>	(1)
6.6.2	(Tasu moes vir) sy ouma kruiemedisyne neem.	(1)
6.6.3	Evelina het voorgestel dat Tasu die kruiemedisyne na hulle ouma toe neem, (dit is 'n bewys dat sy verstand het.)	(1)
6.7	Ja. Tasu het ... 'n angsaanval gekry toe hy in die taxi gesit het. - nog nie oor die ongeluk, wat hy op vyfjarige ouderdom ervaar het, gekom nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i> Nee. 'n Dertienjarige behoort nie al alleen te reis nie. - Dit was Tasu se keuse om te gaan. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)
6.8	Nee, omdat Tasu ... - nog nie voorheen alleen na sy ouma se huis/Perdeberg toe gereis het nie. - dertien jaar oud is. - te jonk is om alleen te reis. - omdat dit te gevaarlik is. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)
6.9(a)	B/entrepreneur	(1)
6.9(b)	D/gehoorsaam	(1)
6.9(c)	A/planmaker	(1)
6.9(d)	C/liefdevol	(1)
6.10	Ja. 'n Ma probeer altyd om haar kind(ers) te leer om ... - nie by ander mense goed te leen nie. - te werk vir wat hulle wil hê. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	(1)

	OF Nee. • Daar is niks verkeerd om geld by ander mense te leen nie. • soms moet 'n ma haar trots sluk. <i>(Enige EEN of soortgelyk)</i>	
6.11	• C • lewenservaring • C lewenservaring <i>(Enige EEN)</i>	(1)
	TOTAAL:	[17]

Kortverhaal 7: *Two-step in die Moederstad* deur Mioné du Toit

Agtergrond

Mioné du Toit het matrikuleer aan die Potchefstroom Gimnasium. Na matriek het sy aan die Potchefstroomse Universiteit en die Universiteit van Pretoria gaan studeer.

1. Opsomming

'n Vrou staan in die antiekwinkel en kyk na 'n skepskis wat herinneringe oproep. Sy is duidelik ongelukkig, want die dag wil nie vir haar verbygaan of blydskap bring nie.

Haar man raak aan haar elmboog en sy keer na die werklikheid terug. Sy kyk na haarself in die spieël en sien dat sy afgerem, ongelukkig en bekommerd lyk. Boonop het sy hangwange en skouers. Sy skrik vir haar spieëlbeeld.

Haar man nooi haar om na 'n Vlaamse buffet (kas) net soos hulle s'n se prys te kyk. Dit is drie keer meer as wat hulle destyds betaal het.

Die kas roep herinneringe op toe hulle saam beding het vir 'n bekostigbare prys vir hulle kas. Hulle was tóé vol opgewondenheid; nou nie meer nie.

Daarna gaan hulle na die musiekhandelaar om spesiale kitaarsnare te koop. Selfs hier is die vreugde van vroeër verlore. Sy dink aan hoe vreugdevol die vorige jaar nog was. Toe het hy vir haar om die lyf gegryp, strand toe gery en daar vir haar liefdesliedjies gesing. Nou betaal hy net vir die kitaarsnare en druk die pakkie in haar skouersak.

Hierna besoek hulle die ou boekwinkel. Die boekwinkel het agteruitgegaan. Sy koop 'n boek en betaal met die kredietkaart. Buite is dit bewolk en 'n misreëntjie het uitgesak. Hulle loop hand aan hand, maar is hartseer. Hulle moet nou besluit waarheen hulle volgende sal gaan: terug vakansiehuis toe of flik of museum of koffiekroeg toe. Dit is wat hulle gewoonlik met vakansie in Kaapstad doen.

Hulle hoor 'n paartjie sing-sing aankom. Hulle kom dans-dans en sing-sing op die sypaadjie aan. Dit is duidelik dat hulle dronk is, want beide is onvas op hulle voete. Hulle voorkoms beeld armoede uit.

Die paartjie loop agter Marie en haar man. Sy kyk kort-kort om en neem hulle lewensblydskap waar.

Marie en haar man besoek die museum. Selfs hier ervaar Marie en haar man nie hulle lewensvreugde van die verlede nie. Hulle is te hartseer.

Die dansende paartjie gaan sit op die museum se stoep en begin drink. Die man noem dat Marie en haar man baie hartseer is, al is hulle so mooi aangetrek. Die vrou stem saam. Die man noem dat dit lyk of hulle eerder probleme met hulle groot kinders het. Hulle praat in Kaapse Afrikaans. Dit sluit aan by die naam van die plek in die titel, "... Moederstad".

Die dansende paartjie is dus Kapenaars.

Nadat die paartjie gedrink het, gooi die man die leë drankbottel in die vullisdrom, hy sê dat hulle 'n liedjie moet sing en begin dansend aanbeweeg stasie toe.

2. Titel

Die titel is "Two-step in die Moederstad". Two-step is 'n dans. Die Moederstad is Kaapstad. Die titel dui dus letterlik op mense wat in Kaapstad dans. Een paartjie dans en sing letterlik deur die strate op pad stasie toe. Figuurlik dans Marie en haar man deur Kaapstad se strate, hulle is opsoek na hulle vreugde (van vroeër) toe hulle in Kaapstad vakansie gehou het.



3. Boodskap en tema

Die **boodskap** kan op 'n paar maniere vertolk word, naamlik om die verlede in die hede te soek, is hopeloos (Marie en haar man). Moenie dat hartseer jou van jou lewensvreugde beroof nie (die singende en dansende paartjie). Beleef vandag (die singende en dansende paartjie). Leef voluit (die singende en dansende paartjie). Die verlede kan nie herroep word nie (Marie en haar man).

Die **tema** van hierdie kortverhaal is dat mense pyn of verlies verskillend hanteer.

4. Hoe word die verhaal vertel

4.1 Ruimte en tyd

Die verhaal speel op 'n reënerige dag in Kaapstad af. Marie en haar man herleef hulle vakansie en besoek plekke soos die antiekwinkel, musiekwinkel en museum. Niks is dieselfde nie, want hulle het verander.

Die dansende paartjie kom dans-dans en sing-sing op die sypaadjie aan en gaan sit op die museum se stoep en drink. Daarna gaan hulle stasie toe om 'n trein huis toe te haal.

4.2 Intrige en struktuur

Ons vind twee verhaallyne:

- (a) Marie en haar man
- (b) Die singende en dansende paartjie

(a) Marie en haar man

(i) Eksposisie/verwikkeling:	Marie en haar man hou vakansie in Kaapstad. Die verhaal begin waar Marie ingedagte in die antiekwinkel staan en haar man haar aan haar elmboog vat om haar aandag te kry. Die weer speel ook saam om hulle mistroostige binneste te beklemtoon, want buite is dit grys, bewolk en 'n misreëntjie het uitgesak. Hulle besoek al die plekke wat hulle gewoonlik besoek om die verlede te herleef en te kyk of dit hulle hartseer en pyn sal verlig. Hulle slaag nie in hulle pogings nie.
(ii) Motoriese moment	Marie en haar man besoek die bekende plekke tydens hulle vakansie, maar bly hartseer.
(iii) Konflik	
<i>Uiterlike Konflik:</i>	Geen uiterlike konflik vind plaas nie.
<i>Innerlike Konflik:</i>	Marie ervaar innerlike konflik wanneer sy en haar man in Kaapstad vakansie hou. Sy worstel ook met die feit dat sy moeg en afgemat in die spieël lyk. Die weer speel ook saam om hulle mistroostige binneste te beklemtoon, want buite is dit grys, bewolk en 'n misreëntjie het uitgesak. Marie en haar man ontsnap van hulle hartseer deur bekende plekke tydens hulle vakansie te besoek.
(iv) Klimaks:	Geen duidelike klimaks word opgemerk nie. Die verteller gee slegs weer wat Marie en haar man op 'n dag tydens hulle vakansie doen.
(v) Afloop en ontknoping:	Marie en haar man besoek die museum.

(b) Die singende en dansende paartjie

(i) Eksposisie/verwikkeling:	Marie en haar man hoor en sien 'n paartjie wat
-------------------------------------	--

	dans-dans en sing-sing in die sypaadjie aankom.
(ii) Motoriese moment	Die dansende paartjie wat sing-sing in die sypaadjie aankom.
(iii) Konflik	
<i>Uiterlike Konflik:</i>	Daar is nie uiterlike konflik nie, want die dansende paartjie is oënskynlik gelukkig.
<i>Innerlike Konflik:</i>	Die dansende paartjie ontsnap van hulle hartseer deur drank, dans en sang.
(iv) Klimaks:	Geen duidelike klimaks kan gesien word nie. Net 'n opmerking van die dansende man dat Marie en haar man hartseer is, asof hulle kinders vir hulle hartseer maak het.
(v) Afloop en ontknoping:	Die dansende paartjie sit op die museum se stoep. Die man merk op dat Marie en haar man baie hartseer is, al is hulle so mooi aangetrek. Die vrou stem saam. Nadat die paartjie gedrink het, gooi die man die leë drankbottel in die vullisdrom en sê dat hulle 'n liedjie moet sing en so beweeg hulle al dansende stasie toe.

4.3 Karakterisering

4.3.1 Hoofkarakter(s)

Slegs Marie se naam word genoem. **Marie en haar man** is die hoofkarakters in die kortverhaal.

Marie se voorkoms: Sy het 'n afgeremde gesig, hartseer oë en hangskouers. Sy lyk sonder vreugde en bekommerd. Marie en haar man het albei deftige reënjasse aan. Marie het 'n pragtige handsak.

Marie en haar man is duidelik ongelukkig. Die aanduiding is daar dat hulle fisies en geestelik hartseer is oor iets wat gebeur het.

Die afleiding kan gemaak word dat hulle dalk iemand ná aan hulle verloor het. Dit kan dalk die verlies van 'n kind wees.



Marie en haar man

4.3.2 Newekarakter(s)

Die dansende paartjie

Die dansende paartjie is inwoners van Kaapstad. Hulle is armoedig. Oënskynlik is hulle gelukkig, want hulle kom dans-dans en sing-sing in die sypaadjie aan. Daar is egter sprake dat hulle hartseer is.



Die dansende paartjie

Die verskil tussen die twee paartjies

Die verskil tussen die twee paartjies, is dat die een paartjie vakansiegangers is en die ander paartjie inwoners van Kaapstad is. Marie en haar man is na aanleiding van die beskrywing van hulle voorkoms ryk en die dansende paartjie arm. Daar is sprake dat beide paartjies hartseer en verdriet ervaar, maar hulle benader dit verskillend.

Volgens Marie en haar man se beskrywing is die hartseer en verdriet duidelik; maar dit is nie duidelik waarneembaar by die dansende paartjie nie.

Die man sê dat jy eerder kan sê dat Marie en haar man probleme met hulle kinders het; nie met hulle nie.

Slegs Marie se naam word genoem, maar die ander karakters is naamloos en word dus universeel diegene wat dieselfde lot ervaar.

4.4 Verteller

Die verhaal word deur 'n **derdepersoonsverteller** vertel. Die bedoeling van die derdepersoonsvertelling is om te help om gefokus te bly op feite en bewyse en nie op persoonlike opinies nie. Die verteller bly objektief wanneer hy die verhaal vertel.

4.5 Styl

Die skrywer van die kortverhaal gebruik eenvoudige sinne en woorde om die verhaal maklik leesbaar en verstaanbaar te maak.

Kaapse Afrikaans word ook gebruik om die plek, waar die verhaal afspeel, geloofwaardig te maak, byvoorbeeld “twie”, “vriet”, “kinnners”, ens. (bl.124)

4.6 Beeldspraak en stylfigure (figuurlike taal)

Die kortverhaal is nie baie beeldryk nie. Daar is egter beskrywings wat die verbeelding aangryp, onder andere waar Marie haarself in die spieël identifiseer. Sy het “n afgeremde gesig”, “hanglyne om die mond”, “mistroostige oë”, “hangkieste” en “hangskouers”. Die leser sien onmiddellik dat daar fout met Marie is.

“Two-step”, die dans, word **simbool** van die lewe. Die mens het nie beheer oor sy lewe nie, maar kan bepaal hoe hy op sy omstandighede reageer.

Kontras kom op bladsy 123 voor, bv. “Die **geliefde** rakke lyk **oes en onopwindend**.”

Op bladsy 124 kom kontras tussen arm en ryk voor in die beskrywing van die kleredrag van Marie en haar man en die dansende paartjie. Die vrou se skoene “is sleg uitgetrap” en die man se baadjie is “toiingrig.” Daarteenoor het Marie en haar man deftige reënjassies. Marie besit ook ’n pragtige handsak.

Metafoor: “’n Misreëntjie het begin neerstuif.” Dit is ’n pragtige beskrywing van die reën wat begin uitsak soos wat stuifmeel van blomme afval.

4.7 Toon en stemming

Met die beskrywing van die karakters en plekke wat besoek word, maak die skrywer die leser bedruk, en terselfdertyd nuuskierig om uit te vind wat die negatiewe aanslag veroorsaak. Die neerslagtigheid word verder gevoer met die beskrywing van die reënweer. Vakansietyd behoort tog vol opwinding en genot te wees, maar Marie en haar man ervaar hartseer en verdriet tydens hulle vakansie.

Aktiwiteit 7

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Wanneer hy haar aan die elmboog vat om haar aandag te kry, kyk sy op en sien ’n vrou Sy skrik in die herkenning: Dit is ek daardie...

Buite is dit grys en bewolk. ’n Misreëntjie het begin neerstuif. Uit gewoonte maak sy seker dat die waardevolle boeke nie nat word nie. Hulle reik na mekaar se hande,

5

eensgesind in die groot verdriet. Terug vakansiehuis toe? 'n Stoeltjies-fliet gaan soek soos in die ou dae? Museum toe? Kunsmuseum toe? Nog koffie kan nie een behartig nie.

En toe hoor hulle dit. In 'n klein dwars straatjie kom die sang – 'n outydse jazz-liedjie. 'n Man en 'n vrou kom dans-dans op die sypaadjie aan. Langs mekaar het hulle mekaar in 'n greep, amper soos vir 'n kompartertjie-volksdansie. Nie een is danig vas op sy voete nie, maar so saam-saam kry hulle kort-kort 'n flinke *two-step* ook nog ingewerk.

Om nie aan te gaap nie, stap Marie-hulle naderhand aan. Die lied volg hulle, deur die strate, later deur die Tuine. Sy kan nie help om kort-kort om te kyk na soveel onbevange lewensblyheid nie.

In die museum se nuwe planetarium sit sy agteroor in die heerlike stoele. Nie eens die vertroude ou museum is dieselfde nie.

... “Hy staan op, skiet die leë bottel in die vullishouer en steek sy hand uit na haar.

“Ek sê, kom ons sit maar 'n liedjietjie in en jive soe stadigaan af stasie se kant toe, wat.”

- 7.1 Waar speel hierdie verhaal af? (1)
- 7.2 Wanneer **hy** haar aan die elmboog vat om haar aandag te kry, kyk sy op en **sien 'n vrou ...**
- 7.2.1 Wie is die “hy” wat aan Marie se elmboog vat? (1)
- 7.2.2 Marie sien haar weerkaatsing in die spieël. Gee TWEE feite om haar voorkoms te beskryf. (2)
- 7.2.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.
- Wanneer Marie beskryf word in VRAAG 7.2.2, is sy 'n (vreugdevolle/vreugdelose) en 'n (onbekommerde/bekommerde) vrou. (2)
- 7.3 Beskryf hoe die NATUUR lyk volgens TWEE feite. (2)
- 7.4 Hoe versterk die natuur Marie se gemoedstoestand? (1)
- 7.5 Waarom word die boeke as “waardevolle boeke” beskryf? (1)
- 7.6 Verklaar die gebruik van die vraagsinne in reëls 7–9. (1)
- 7.7 “Hulle reik na mekaar se hande, **eensgesind in die groot verdriet.**” (Reël 6–7)
- 7.7.1 Wat sou jy sê is die “groot verdriet” wat “hulle” deel? (1)

- 7.7.2 Waarom dink jy deel Marie en haar man die “groot verdriet”? (1)
- 7.8 Die vrou van die dansende paartjie neem aan dat Marie en haar man baie geld besit en gelukkig moes wees.
Waarom is hierdie aanname vandag steeds relevant? (1)
- 7.9 “Langs mekaar het hulle mekaar in ’n greep, amper soos vir ’n kompartertjie-volksdansie.” (Reël 12–13)
- 7.9.1 Loop en dans mense gewoonlik in die strate? Motiveer jou antwoord. (1)
- 7.9.2 “Nie een is danig vas op sy voete nie” (Reël 13–14)
Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies
Hierdie soort beeldspraak word (eufemisme/hiperbool) genoem. (1)
- 7.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.10) neer.
Die dansende paartjie leer ons dat ons nie moet toelaat dat pyn en hartseer jou van jou ... beroof nie.
- A dans
B drankie
C vakansieplanne
D lewensvreugde (1)
- TOTAAL:** [17]

Moontlike Antwoorde vir Aktiwiteit 7

7.1	• in Kaapstad • in die Moederstad <i>(Enige EEN)</i>	(1)
7.2.1	haar man	(1)
7.2.2	Marie het ... • hanglyne om haar mond. • mistroostige oë. • hangkieste. • hangskouers. <i>(Enige TWEE)</i>	(2)
7.2.3	vreugdelose bekommerde	(1) (1)
7.3	Buite is dit ... • grys • bewolk • reënerig	(2)

	(Enige TWEE)	
7.4	- Grysheid en misreën maak 'n mens bedruk/neerslagtig - Marie is bedruk/ neerslagtig. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
7.5	Dit is 'n twee volume Knight-uitgawe van <i>William Shakespeare</i> se werk.	(1)
7.6	(Die vrae word gevra) om te bepaal watter plek hulle volgende sal besoek.	(1)
7.7.1	(Hulle deel) dieselfde hartseer en pyn. (Die suggestie is daar) dat hulle 'n kind of kinders verloor het. (Die suggestie is daar) dat hulle 'n kind of kinders vir hulle hartseer en verdriet veroorsaak. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
7.7.2	- Hulle het iets gemeenskaplik/saam verloor. - Hulle het dalk hulle kind/kinders verloor. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
7.8	- Toeriste hou daarvan om aandenkings te koop; dit laat die publiek glo dat toeriste ryk en gelukkig is. - Baie arm mense dink geld bring geluk. - Die kleredrag wat mense aan het, skep somtyds 'n verkeerde indruk. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
7.9.1	Nee. 'n Mens loop en dans nie in die straat nie. - Dit lyk asof die twee mense gelukkig is. - Die twee mense is dronk. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
7.9.2	Eufemisme	{1}
7.10	- D - lewensvreugde - D lewensvreugde (Enige EEN)	(1)
	TOTAAL:	[17]

Kortverhaal 8: 'n Hulpelose Samaritaan deur T.T. Cloete

Agtergrond

Theunis Theodorus Cloete (1924–2015) was 'n bekroonde Afrikaanse digter, Bybelvertaler, letterkundige en akademikus. In die 1970's was hy by die hersiening van die Afrikaanse Kerkgesange betrokke en later by die 1993-vertaling van die Bybel in Afrikaans. Cloete was vir lank aan die Potchefstroomse Universiteit (nou Noordwes-Universiteit) se Skool vir Tale en Skryfkuns verbonde.

1. Opsomming

Hans het elke Vrydag met sy opreggeteelde honde vir hulle oefening en vir sy ontspanning buite die dorp tussen die afgeleë plase gaan stap.

Een Vrydag kom hy af op 'n ouerige man wat van sy fiets afgeval het en langs die pad lê.

Hans hou stil en sien dat die man baie seergekry het. Dit is winter en hy sien dat die man baie pyn het en boonop baie koud kry.

Toe Hans die man ophelp, ruik hy dat hy sterk drank gedrink het. Hy is nie seker of die man beseer is, en of hy te dronk is om op te staan en te loop nie.

Hans was in 'n dilemma: Hy het nie noodhulpgereedskap nie en kan die man ook nie inlaai om dokter toe te neem nie; aangesien sy kwaai honde in die motor is. Daar is ook nie 'n plaashuis naby nie.

Hans het na talle oorwegings besluit om sy honde uit te laat en die man hospitaal toe te neem. Hy het op aandrang van die man ook sy fiets opgelaai. Hy het die honde agter die motor aan laat hardloop. Die honde was later te moeg en het bly lê.

Op pad hospitaal toe probeer Hans uitvind wie die ouerige man is en wat gebeur het. Die man kan nie die persoon wat hom raakgery het eien nie, maar het gesien dat die persoon lang hare het en 'n groot, swart, blink motor bestuur. Die persoon het net gestop, gesê dat die ouerige man voor hom ingery het, vir hom gevloek en toe weggery sonder om hom te help.

By die hospitaal word hulle gou gehelp en Hans jaag terug om sy honde te kry. Toe hy daar aankom, is die honde nêrens te vinde nie. Uit ontsteltenis laai hy die ouerige man net daar af en wil sy honde so gou as moontlik opspoor. Hy kry sy honde nêrens nie en teen



skemer ry hy na sy huis terug. Saans bid hy dat sy honde huis toe moet kom. Dae gaan verby. Toe plaas hy 'n berig in die plaaslike koerant waarin hy 'n beloning vir sy vermiste honde aanbied.

Die aand nadat die berig verskyn het, bel 'n boer hom en vertel wat met sy honde gebeur het: Die boer het klaarblyklik sy honde doodgeskiet, omdat hulle sy skape doodgebyt het. Hy eis dat Hans hom vir die skade vergoed.

Daardie nag kan Hans nie slaap nie. Hy wonder hoe hy in soveel moeilikheid beland het, net omdat hy iemand wou help.

Die volgende oggend vroeg ry Hans na die boer se plaas. Daar verbeel hy hom dat hy die groot, swart, blink motor in die skuur gesien het. Hy dink ook dat hy gesien het hoe die boer se vrou deur die kombuisvenster na hulle gekyk het. Hy is egter nie seker nie.

Hans betaal die boer wat hy geëis het.

Op pad terug stop Hans waar hy die ouerige man gehelp het. Hy gaan lê in die gras en maak asof hy beseer is.

'n Vrou in 'n groot, swart motor kom verby. Sy hou stil, kyk agterdogtig na Hans en ry haastig verder.

2. Titel

Die titel is "n Hulpelose Samaritaan". 'n Samaritaan is iemand wat vir 'n ander persoon iets doen (help), sonder om vergoeding (geld) daarvoor te verwag. Die woord hulpelose dui egter aan dat die samaritaan nie kan help nie (sonder hulp is).

Die samaritaan kan om die volgende redes nie help nie:

- Hy het niks om die ou beseerde man mee te dokter (noodhulp te gee) nie.
- Sy kwaai honde is in die motor en hy kan daarom nie die ou beseerde man inlaai nie.
- Daar is nie 'n plaashuis naby nie.
- Hulpelose kan ook daarop dui dat die hoofkarakter hulpeloos is omdat hy sy honde verloor het en die boer moes vergoed vir die skape wat oënskynlik deur sy honde doodgebyt is.

Die titel dui dus teenstrydigheid aan. Hier is iemand wat wil help, maar oënskynlik nie in staat is om dit te doen nie.

3. Boodskap en tema

Die boodskap en tema kan soos volg saamgevat word:

- Samiritane word nie waardeer nie. (Hans)
- Sommige mense met besittings sien neer op mense wat minder het. (die boer se vrou)
- Sommige mense verdrink hulle sake. (die ouerige man)
- Sommige mense is koud en ongenaakbaar. (die boer)
- Sommige mense aanvaar verantwoordelikheid vir hulle oortredings. (Hans)

- Daar is nog eerlike mense in die lewe.
- Barmhartigheid (Hans het die ou man gehelp ten koste van sy honde.)

4. Hoe word die verhaal vertel

4.1 Ruimte en Tyd

Die verhaal begin waar Hans op 'n Vrydag, soos al die ander Vrydae, op 'n verlate plaaspad sy honde vir 'n uitstappie neem.

Hans (die hoofkarakter) ry die Vrydag met die plaaspad, waar hy 'n beseerde ouerige man teëkom, oplaai, hospitaal toe neem en weer op die ongelukstoneel aflaai.

Op die dag toe Hans vir die boer betaal, omdat sy honde kwansuis sy skape doodgebyt het, reis Hans vanaf sy huis na die plaas tot by die ongelukstoneel.

4.2 Intrige en struktuur

(i) Eksposisie/verwikkeling:	Hans ry 'n ver ent uit die dorp uit om sy honde soos gewoonlik op 'n uitstappie te neem. Hy kom af op 'n ouerige man wat van sy fiets afgeval het.
(ii) Motoriese moment:	Hy neem die beseerde man hospitaal toe nadat hy sy honde uitgelaai het. Die honde volg die motor, maar stop later.
(iii) Konflik:	
<i>Uiterlike Konflik:</i>	- Die beseerde man verwyrt vir Hans dat hy sy honde bo hom verkies. - Hans probeer om die boer medeverantwoordelik te maak vir die uitgawe wat hy moes aangaan, maar die boer sê dat sekere pligte en barmhartighede nie gedeel word nie, verwysend na die vergoeding van die verlies aan sy honde en dat hy die ouerige man gehelp het.
<i>Innerlike Konflik:</i>	- Die aand nadat Hans se berig dat sy honde verdwyn het, in die koerant verskyn het, bel 'n boer hom en vertel wat met sy honde gebeur het: Die boer het klaarblyklik sy honde doodgeskiet, omdat hulle sy skape doodgebyt het. Hy eis dat Hans hom vir die skade vergoed. - Daardie nag kan Hans nie slaap nie. Hy wonder hoe hy in soveel moeilikheid beland het, net omdat hy iemand wou help.
(iv) Klimaks:	Hans ry die volgende oggend na die boer se plaas en vergoed hom. Hans vertrek van die plaas af. Hy stop langs die pad waar hy die beseerde man gevind het, gaan lê op dieselfde plek en maak of hy beseer is. Daar kom 'n vrou in 'n groot swart motor verby.
(v) Afloop en ontknoping:	Die vrou stop, kyk na Hans en ry weg.

•

4.3 Karakterisering

4.3.1 Hoofkarakter(s)

- Hans en die ouerige man is die hoofkarakters in die kortverhaal.
- Hans is die samaritaan (weldoener).
- Hy kom af op die beseerde, ouerige man. Hy besef dat hy sy honde moet uitlaai en aan hulle eie genade moet oorlaat om die beseerde man te help. Hierdie aksie/optrede laat hom duur betaal, want sy honde het waarskynlik die boer se skape doodgebyt.
- Hans is ...
 - **behulpzaam**, want hy neem die beseerde man hospitaal toe.
 - **eerlik**, want hy ry na die boer se plaas en betaal die boer wat hy eis.
 - **ordentlik**, want hy vermoed dat dit die boer se vrou is wat die ouerige man beseer het, maar bly stil, omdat hy nie daarvan seker is nie.
 - **gelowig**, want hy bid saans dat die honde self hulle weg huis toe moet vind.
 - **desperaat**, want hy plaas 'n koerantberig van sy vermiste honde.
 - **diereliefhebber**, want hy het meer as een hond en neem hulle om te gaan stap.

4.3.2 Newekarakter(s)

- **Die ouerige man**
- Die ouerige man is die slagoffer van 'n tref-en-trap ongeluk. Hy ruik na drank en sê dat hy drink om hom te troos, omdat hy oud en arm is. Sy armoede word bevestig deur die klere wat hy aanhet. Die man is naamloos. Hy verteenwoordig universeel arm mense wat hulle na drank wend om van hulle probleme te ontsnap.
- Hy is ...
 - **geheimsinnig**, want hy wil nie sê waar hy woon en werk nie.
 - **knaend**, want hy kerm dat Hans sy honde bo hom kies.
- **Die boer**
- Die boer is ...
 - **koel** en **berekenend**, want hy vra vir Hans breedvoerig uit oor sy honde en vertel hom toe dat sy honde sy skape doodgemaak het.
 - **aggressief** en **brutaal**, want hy eis skadevergoeding van duisende rande. Hy noem ook dat hy die honde doodgeskiet het.
 - **genadeloos** (koud en hard), want hy noem dat sekere pligte en barmhartighede nie gedeel word nie, verwysend na die vergoeding van die verlies aan sy honde en dat hy die ouerige man gehelp het; **blykbaar 'n swendelaar**, want in die kortverhaal is geen bewyse dat die boer regtig die skape verloor het en die honde doodgeskiet het nie.
- **'n Vrou**
- Die leser kan aanneem dat dit die boer se vrou is, want Hans verbeel hom dat hy haar deur die venster sien loer het.
- Die boer se vrou is ...
 - ook **koelbloedig**, want sy stamp die ouerige man van sy fiets af en help hom nie.
 - **ongeskik**, want sy vloek die ouerige man,
 - **onbehulpzaam**, want in plaas daarvan om hom te help, ry sy weg.

- **nuuskierig**, want sy hou klaarblyklik vir Hans en die boer deur die kombuisvenster dop.

Die vrou verteenwoordig sommige rykes wat verkeerde dinge doen en daarmee wegkom. In die kortverhaal word beide die boer en sy vrou **negatief** uitgebeeld.

4.4 Verteller

Die verhaal word deur 'n **derdepersoonsverteller** vertel. Die verhaal begin waar die verteller vertel dat Hans Vrydae uit die dorp ry om vir sy honde oefening te gee. Die voornaamwoord "hy" word regdeur die kortverhaal gebruik as verwysing na Hans.

Die bedoeling van die derdepersoonsvertelling is om te help om gefokus te bly op feite en bewyse en nie op persoonlike opinies nie. Die verteller bly objektief wanneer hy die verhaal vertel.

4.5 Styl

Die skrywer van die kortverhaal gebruik kort sinne en dialoog wat die dramatiese effek versterk en konflik duidelik uitbeeld tussen Hans (die samaritaan) en die ou man; so ook tussen Hans en die boer. Die **ellips** (...) word ook slim aangewend om afwagting en spanning te skep.

Aan die einde van die verhaal vind ons dat die skrywer "Nie sy liggaam is seer nie, maar iets in hom, iets anders en swaarder en pynliker as 'n gewete of hart, iets onbepaalds." skryf. Met ander woorde Hans se gemoedstoestand word so beskryf dat die leser met Hans se gemoed kan identifiseer.

4.6 Beeldspraak en stylfigure (figuurlike taal)

In die kortverhaal kom voorbeelde van figuurlike taal voor, onder andere in die titel en inhoud word die woord **samaritaan** gebruik. Samaritaan is 'n **metafoor** wat na iemand verwys wat iemand anders help.

Op bladsy 175 word melding gemaak van “n Hulpelose Samaritaan.” Hierdie stylfiguur staan bekend as **teenstrydigheid/kontras/paradoks**, want iemand wat 'n ander persoon help, kan nie hulpeloos wees nie.

Ons vind ook **intertekstualiteit** in die gebruik van die woord samaritaan, omdat dit 'n Bybelse verwysing het na Lukas 10:33 waar 'n beseerde ook langs die pad gelê het en deur iemand gehelp is.

Hans “gaan lê, soos iemand wat deur 'n motor omgery is” (bl. 179) is 'n **vergelyking**. Hy het op die plek waar die ou man seergekry het, uit moedeloosheid gaan lê.

Die term “dooiegewig” op bladsy 176 is 'n **metafoor**, wat beteken dat hy baie swaar is.

Die **metafoor** en **vergelyking** kom ook op bl. 179 voor: “kampioenram” is 'n metafoor. 'n Ram wat as wenner in 'n wedstryd/skou aangewys word, word 'n skouram genoem. “n Charlie Chaplin” is 'n metafoor. Dit dui daarop dat Hans ontroerd en snaaks voel.

“sy't gevloek soos 'n man” (bl. 176) is 'n vergelyking wat aantoon dat die vrou gevloek het soos wat 'n man vloek.

“Ek het my maar net getroos met die bottel” (bl. 177) is eufemisme/versagting. Die ou man dui aan dat hy drank gebruik om hom te troos. By implikasie sê hy dus dat hy hartseer is.

4.7 Toon en stemming

Dit is 'n verhaal wat in 'n gemaklike verteltrant aangebied word. Daar word vertel van wat tussen Hans en die ou man en tussen Hans en die boer afspeel.

Tussen Hans en die ou man gaan dit hoofsaaklik oor of Hans bereid is om sy honde bo die beseerde ou man te kies.

In die gesprek tussen Hans en die boer gaan dit oor die boer wat daarop aandring dat Hans vergoeding vir sy oënskynlike verlies aan skape moet betaal.

Die verlies aan Hans se honde en sy geld, maak dat die simpatie by Hans lê, want hy lei 'n dubbele verlies. Hy verloor sy honde én sy geld. Dat Hans aan die einde van die verhaal op die plek gaan lê waar die ou man seergekry het, is treurig.

Aktiwiteit 8

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hans verduidelik weer die omstandighede, meer vir homself as vir die skaapboer ... van die ou man wat van die fiets geval het ...

“Kan jy my darem nie vir my honde vergoed en dit aftrek van wat jy van my eis nie? En kan ons nie die verantwoordelikheid vir die beseerde man op 'n manier saam dra en die totale skade min of meer verdeel nie? Ek bedoel, my honde, jou skape ...” 5

“Jammer, sekere pligte en barmhartighede word nie gedeel nie ... betrokkenheid hou iewers op en strek nie tot in die oneindige nie.” Dit is asof Hans dit weet, maar dit pla hom om dit van 'n brutale, harde boer te hoor. 10

“Die plig en barmhartigheid en betrokkenheid, ja, maar sulke skade? Word die gevolge, die skade, nie gedeel nie?” vra Hans onseker. Hy kan nie glo wat hom so onvoorspelbaar oorgekom het nie. 15

Die skaapboer bly genadeloos. Geen argumente help nie. Hans slaap daardie nag byna niks nie, en in die kort fases van oppervlakkige slaap word hy geteister deur die vrae wat hy aan homself stel ... hoe jy onvoorsiens in baie groot moeilikheid kan beland juis as jy dit wil voorkom. Jy betaal vir wat jy nie wil hê nie, en jy betaal te veel. Iets wat met 'n geringe beweging aan die gang gekom het, kry vaart, verander van koers en ontspoor. 20

- 8.1 Noem EEN rede waarom Hans Vrydae 'n ent uit die dorp gery het. (1)
- 8.2 “Hans verduidelik weer die omstandighede, meer vir homself as vir die skaapboer ... **van die ou man wat van die fiets geval het** ...” (Reël 1–3)
Wat sou Hans vir die boer gesê het? Noem TWEE. (2)
- 8.3 Wat sou met “die ou man wat van die fiets geval het”, gebeur het as Hans nie opgedaag het nie? (1)
- 8.4 “En **kan ons nie die verantwoordelikheid** vir die beseerde fietser op 'n manier saam dra en die totale skade min of meer **verdeel nie**?” (Reël 5–7)
Hierdie woorde suggereer dat Hans die fietsryer se (hospitaalrekening betaal het/rekening saamgebring het). (1)
- 8.5 “Die plig en barmhartigheid en betrokkenheid, ja, maar sulke skade?” (Reël 13–14)
Na watter skade word hier verwys? Noem EEN. (1)
- 8.6 “**Hans ... word ... geteister deur** die **vrae** wat hy aan homself stel ...” (Reël 18–19)
Hans se vrae hou verband met die titel. Motiveer hierdie stelling. (2)
- 8.7 “Jammer, **sekere pligte en barmhartighede word nie gedeel nie** ... betrokkenheid hou iewers op en strek nie tot in die oneindige nie.” (Reël 9–10)

- 8.7.1 Haal EEN karaktereienskap van die boer aan om die stelling te bewys. (1)
- 8.7.2 Dink jy dat die boer regverdig teenoor Hans opgetree het? Motiveer jou antwoord. (1)
- 8.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die tema van hierdie verhaal is dat mense wat goed aan ander mense doen, dit tot (voordeel/nadeel) van hulleself kan doen. (1)
- 8.9 Hoe sal hierdie tema jou lewe in die toekoms beïnvloed? (1)
- 8.10 “**Iets wat met ’n geringe beweging** aan die gang gekom het, **kry vaart, verander van koers en ontspoor.**” (Reël 22–24)
Hierdie woorde suggereer dat die skrywer baie sterk voel oor wat met Hans gebeur het.
Motiveer hierdie stelling. (1)
- 8.11 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:
 - Hans gaan lê langs die pad soos ’n beseerde.
 - Hans neem die beseerde ou man na die hospitaal toe.
 - Hans ry Vrydae ’n ver ent uit die dorp uit.
 - Hans plaas ’n berig in die koerant.
(4)
- 8.12 Dink aan die volgende karakters of groep karakters van wie ons in hierdie kortverhaal lees:
 - die fietsryer
 - die boer
 - ’n vrou
Watter EEN van hierdie karakters of groep karakters, dink jy, het die grootste **negatiewe** invloed op Hans gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê **WAT** hierdie karakter of groep karakters gedoen het en **HOE** daardie aksie(s) Hans se houding teenoor hulp aan sy naaste negatief beïnvloed het. (2)
- TOTAAL:** [18]

Moontlike Antwoorde vir Aktiwiteit 8

8.1	• om die honde te laat oefen • vir sy eie ontspanning <i>(Enige EEN)</i>	(1)
8.2	Hans sou gesê het, dat hy ... • sy honde uit sy motor gelaai het, om die ou man in te laai. • die ou man hospitaal toe geneem het. • die ou man en sy fiets op dieselfde plek afgelaai het. • sy honde verloor het.	(2)

	(Enige TWEE)	
8.3	Die ou man sou • sy fiets gestoot en huis toe geloop het. • aan die slaap geraak het. • deur iemand anders gehelp word. (Enige EEN)	(1)
8.4	hospitaalrekening betaal het.	(1)
8.5	Hans het ... • sy honde verloor. • geld verloor toe hy die hospitaalrekening betaal. • geld verloor toe hy die boer vir sy skape vergoed het . (Enige EEN)	(1)
8.6	Hans voel hulpeloos wanneer hy homself vra of dit die moeite werd is om mense in nood te help, want hy het baie geld verloor.	(2)
8.7.1	genadeloos	(1)
8.7.2	Nee, die boer kon ... • 'n deel van die doktersrekening betaal het. • hom geld gegee het om ander honde te koop. • die skape se verlies by sy versekering geëis het. • die skape se geld afgeskryf het. (Enige EEN of soortgelyk aan antwoord) (Indien Vraag 8.7.1 verkeerd is, verdien die leerder nie die punt by Vraag 8.7.2 nie.)	(1)
8.8	nadeel	(1)
8.9	• Ek sal seker maak dat ek niks kan verloor nie voordat ek iemand help. • Ek sal eers die voor- en nadele opweeg voordat ek iemand help. (Of soortgelyke antwoord)	(1)
8.10	Die skrywer voel ongelukkig, omdat Hans soveel skade gelei het, net omdat hy iemand gehelp het. (Of soortgelyke antwoord)	(1)
8.11	• Hans ry Vrydae 'n ver ent uit die dorp uit. • Hans neem die beseerde fietser na die hospitaal toe. • Hans plaas 'n berig in die koerant. • Hans gaan lê langs die pad soos 'n beseerde.	(1) (1) (1) (1)
8.12	Wat: • Die boer en 'n vrou is skynbaar nie eerlik nie. • Dit blyk dat die boer nie die honde doodgemaak het nie en die honde nie die skape doodgebyt het nie.	(1)

	- Die boer het op Hans se berig gereageer en te kenne gegee dat sy skape deur sy vermiste honde doodgebyt is. - Dit blyk of die vrou die beseerde ou man gestamp het. (Enige EEN of soortgelyk)	
	Hoe: - Hans worstel heelnag of dit nog baat om jou naaste te help. - Hans dink dat dit nie die moeite werd is om ander mense te help nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)
	TOTAAL:	[18]

Bronnelys

1. Bredenkamp, L. 2017. *Spieëlbeelde*, 'n Kortverhaalbundel. Suid-Afrika: Macmillan.
2. HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaans Taal. 1994. F.F. Odendal, P.C. Schoonees, C.J. Swanepoel, S.J. du Toit, C.M. Booysen (reds). Suid-Afrika: Perskor.
3. Google soekenjin
4. <https://af.wikipedia.org> › wiki

The Mind the Gap study guide series

This publication is not for sale.

© Copyright Department of Basic Education
www.education.gov.za
Call Centre 0800 202 993

Mind the Gap-Studiegids Afrikaans Eerste Addisionele Taal-Graad 12 – KORTVERHALE - ISBN 978-1-4315-3826-3

